# Jaarverslag 2014

vkb

# Inhoudsopgawe


Profiel & geografiese teenwoordigheid ..................................... 1

Groepstruktuur en strategiese fokus ........................... 2

Landbouwaardeketting-betrokkenheid ....................................... 4

Vyfjaar-oorsig van groep .................. 6

Finansiële hoogtepunte .................... 7

Voorsittersverslag .............................. 10

Raad van Direkteure ......................... 12

Bestuursoorsig ........................................ 14

Uitvoerende Bestuur............................ 18

Korporatiewe Beheer-verslag ................................... 20

Vergoedingsverslag .......................... 24

Sosiale- en Etiekkomitee-verslag ......................... 26

Finansiële state .................................. 28


# Profiel

VKB Landbou (Edms) Bpk ("VKB") is 'n landboubesigheid wat op die hantering en opberging van graan, verskaffing van produksie-insette aan hoofsaaklik landbouprodusente sowel as marktoegang vir landbouprodukte gefokus is. Dit is strategies gekoppel aan die verskaffing van waardetoevoegende dienste, wat onder meer Finansiering, Versekering en Landboutegniese Dienste insluit.

VKB bedryf hoofsaaklik besigheid in die Oos-Vrystaat. Die hoofkantoor is op Reitz geleë. VKB het ook belange in verskeie ander entiteite, wat geïntegreer is om die sinergie binne die Groep te optimaliseer.

# Geografiese teenwoordigheid

| VKB-bedryfspunte | |
|---|---|
| Handelstakke | 22 |
| Meganisasie-takke | 6 |
| Graansilo's | 13 |
| Bandediens | 1 |
| Meule (mieliemeel) | 1 |
| Versekering | 9 |
| Saadverwerking | 1 |
| Braaikuikenabattoir | 1 |
| Veevoerfabriek | 1 |
| Hoofkantoor: Reitz | |

| NTK-bedryfspunte | |
|---|---|
| Handelstakke | 23 |
| Handelsdepots | 9 |
| Meganisasie-takke | 5 |
| Graansilo's | 10 |
| Meeldepots | 28 |
| Meulens (mieliemeel) | 2 |
| Koelkamer | 1 |
| Hoofkantoor: Nylstroom (Modimolle) | |


NTK-gebied








# *Groepstruktuur en strategiese fokus*



## Aandeelhouding en aandelebeleggings

◊ VKB se aandele word besit deur produsente (± 3 600) wat elk 5 000 gewone aandele hou.
◊ VKB besit 50% van Nu-Pro Voere (Edms) Bpk, 'n veevoeraanleg op Bethlehem.
◊ VKB besit 50% van Nu-Pro Commodities (Edms) Bpk op Bethlehem, 'n maatskappy wat in graanverhandeling spesialiseer.
◊ VKB besit 76,9% van die aandele in Grain Field Chickens (Edms) Bpk, 'n braaikuikenprojek (abattoir) op Reitz. Die ander 23,1% word deur GFC Beneficiary Holdings (Edms) Bpk (RF) besit, met onderskeidelik die VKB Workers Trust en die GFC Workers Trust as aandeelhouers.
◊ VKB besit 40% van die aandele in 'n oliepers, naamlik Free State Oil (Edms) Bpk op Villiers. VKB het na jaareinde die ander
60% aandele in Free State Oil (Edms) Bpk ook bekom, en hou nou 100% belang in dié maatskappy.
◊ VKB besit 100% van die aandele in NTK Landbou (Edms) Bpk, met sy hoofkantoor op Nylstroom. NTK bedryf 'n soortgelyke besigheid as VKB, met 23 verspreidingspunte in die Limpopo Provinsie.
◊ NTK besit 100% van die aandele in Crown Bag (Edms) Bpk, 'n aanleg op Harrismith wat verpakkingsmateriaal vervaardig.
◊ NTK besit 'n belang van 55% in NTK Venda Roller Mills Bpk, 'n meule op Thohoyandou.
◊ VKB besit 26% van die aandele in AE Solutions (Edms) Bpk, 'n maatskappy wat laboratoriumtoerusting in die landbou-industrie verkoop en diens.

## Etiese Gedragskode

VKB, sy filiale en hul werknemers streef daarna om met eerlikheid en integriteit, ooreenkomstig 'n hoë vlak van morele en etiese standaarde, op te tree in hul sake- en interpersoonlike omgang. Alle werknemers in die VKB-groep word geag kennis te dra en hulself te verbind om hierdie waardes te ondersteun en uit te leef.

Die volgende beginsels vorm die basis van hierdie kode:
◊ Eerlike en etiese optrede;
◊ Nakoming van wette, reëls en regulasies;
◊ Billikheid, respek en waardigheid;
◊ Aanvaarding van alternatiewe sienings;
◊ Ondersteuning en lojaliteit;
◊ Uitsonderlike prestasie;
◊ 'n Veilige en gesonde werksomgewing vir alle werknemers;
◊ Erkenning van prestasie van werknemers;
◊ Kliëntetevredenheid;
◊ Behoorlike kommunikasie en deursigtigheid;
◊ Vertroulikheid;
◊ Teenkorrupsie; en
◊ Vermyding van enige konflik van belange.



# Landbouwaardeketting-betrokkenheid

VKB is 'n Suid-Afrikaanse landbou-onderneming, met 'n unieke visie, wat op samewerking met belanghebbendes gegrond is. Dit het gaandeweg in die dinamiese mobilisering van 'n uiteenlopende verskeidenheid van interaksies in die landbouwaardeketting ontwikkel.

### INSETHANDEL



'n Omvattende reeks primêre insette wat insluit saad, kunsmis, verpakkingsmateriaal en brandstof word aan produsente beskikbaar gestel. Hierdie reeks is gaandeweg uitgebrei om ook veevoer, staal en algemene benodighede in te sluit.

### MEGANISASIE



VKB en NTK bestuur die New Holland- en Case-agentskappe in hul onderskeie bedieningsgebiede en meer as 5 000 verskillende onderdele is by die 11 verkoopspunte beskikbaar.

### LANDBOU-ONTWIKKELING



VKB lewer 'n volledige agronomiese adviesdiens aan produsente wat op die volgende boerderybestuursaspekte fokus: finansiële bestuur, lewendehawebestuur, gewasbestuur en administrasie van arbeid. Daarbenewens bestuur VKB 'n uitgebreide ontwikkelingsprogram vir opkomende boere.

### KOMMERSIËLE DIENSTE (KLEINHANDEL)



VKB en NTK se kleinhandelsafsetpunte huisves 'n uiteenlopende reeks produkte wat in die behoeftes van produsente en die algemene publiek voorsien. Die 54 kleinhandelsafsetpunte bestuur meer as 60 000 lynitems, wat deurentyd vir relevansie en ontwikkeling hersien word.

### FINANSIERING EN VERSEKERING



Die VKB-groep bied 'n verskeidenheid finansieringsprodukte wat deel is van die Groep se kernstrategiese funksie om produsente in staat te stel om hul produksie-insette te bekom ten einde winsgewend en volhoubaar te kan produseer. VKB beskik oor sy eie versekeringsagentskap wat onder andere oesversekering, bateversekering en multirisiko-versekering aan produsente en die algemene publiek bied.

### WAARDETOEVOEGING (NYWERHEDE)



Waardetoevoeging behels die volgende: braaikuikens, oliepers, mieliemeulens, veevoere, saadverwerking en verpakkingsmateriaal.

## GRAANHANTERING

VKB en NTK hanteer mielies, sojabone, koring, sonneblom en graansorghum.

## GRAANOPBERGING

23 strategies geleë silokomplekse in VKB en NTK se bedieningsgebiede (met 'n totale silo-opbergingskapasiteit van meer as een miljoen ton) voldoen aan voedselveiligheidsvereistes en is Safex-geregistreer.

## GRAANBEMARKING

Die hantering, opberging, versending sowel as die verhandeling van graan bly steeds van die kernwaardetoevoegende dienste wat VKB en NTK aan graanprodusente en -afnemers bied.

## GRAAN



Graan behels die volgende: Graanhantering, graanopberging en graanbemarking.

## LOGISTIEK



Die VKB-groep beskik oor 'n uitgebreide vloot voertuie wat optimaal binne die Groep aangewend word om sinergieë tussen die departemente en filiale te benut en sodoende koste te bespaar.

## BRAAIKUIKENS

Die kapasiteit van die braaikuikenslagpale is 760 000 braaikuikens per week en word voorsien deur kontrakgroeiers wat aandeelhouers van VKB is. Voer vir die braaikuikens word verskaf deur VKB se veevoerfabriek en in die proses word 'n aansienlike hoeveelheid plaaslik geproduseerde mielies verbruik.

## OLIEPERS

Sojaboonproduksie in die VKB-gebied het die afgelope vyf jaar met 70 000 ton toegeneem. VKB het die diversifikasie-geleentheid aangegryp deur die oprigting van 'n oliepers, Free State Oil. Die pers het 'n kapasiteit van 150 000 ton per jaar.

## MIELIEMEULENS

Die meulens in Frankfort, Limpopo en Venda, wat op beide groot- en kleinhandel fokus, is strategies geleë om koste-effektiewe verspreiding van mieliemeel aan afsetpunte in die onderskeie bedieningsgebiede te verseker.

## VEEVOERE

VKB se veevoerfabriek het 'n maandelikse produksiekapasiteit van sowat 18 000 ton en voorsien hoofsaaklik pluimveevoer aan die kontrakgroeiers van Grain Field Chickens. VKB besit ook 'n 50% belang in Nu-Pro Voere en verskaf dus 'n wye reeks veevoere aan produsente en in die algemene handel.

## SAADVERWERKING

Die VKB-saadverwerkingsaanleg op Reitz huisves 'n moderne laboratorium en bestuur die tegniese, wetenskaplike en regulatoriese aspekte wat met die vermeerdering, verwerking en verpakking van saad gepaard gaan.

## VERPAKKINGSMATERIAAL

Crown Bag produseer meer as ses miljoen aartappel- en houtskoolsakke per maand.




# Vyfjaar-oorsig van groep


| | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 |
|---|---|---|---|---|---|
| | 12 mnde R'miljoen | 13 mnde R'miljoen | 12 mnde R'miljoen | 12 mnde R'miljoen | **12 mnde R'miljoen** |
| **Staat van omvattende inkomste** | | | | | |
| Verkope | 2 444 | 2 859 | 3 052 | 4 043 | **8 795** |
| Bedryfswins | 126 | 161 | 142 | 180 | **326** |
| Resultate van filiale | 8 | 11 | 13 | (1) | **5** |
| Finansieringskoste | (26) | (21) | (28) | (40) | **(61)** |
| Beleggingsinkomste | 12 | 7 | 8 | 29 | **10** |
| **Wins voor aansporingskorting** | 119 | 158 | 134 | 168 | **279** |
| Aansporingskorting | (100) | (125) | (115) | (150) | **(210)** |
| **Wins voor belasting** | 19 | 33 | 19 | 18 | **69** |
| Belasting | (2) | (5) | (2) | 5 | **62** |
| **Wins na belasting** | 17 | 28 | 17 | 23 | **131** |
| Aansporingskorting | 100 | 125 | 115 | 150 | **210** |
| Kortings as % van verdeelbare wins | 84% | 79% | 86% | 89% | **75%** |
| **Staat van finansiële posisie** | | | | | |
| Nie-bedryfsbates | 276 | 341 | 510 | 676 | **892** |
| Bedryfsbates | 1 080 | 1 034 | 1 363 | 1 778 | **2 553** |
| Totale bates | 1 356 | 1 375 | 1 873 | 2 455 | **3 445** |
| Kapitaal en reserwes | 233 | 264 | 879 | 1 007 | **1 395** |
| Ledefondse | 406 | 499 | 0 | 0 | **0** |
| Totale ekwiteit | 639 | 763 | 879 | 1 007 | **1 395** |
| Minderheidsbelang | 0 | (0) | (1) | (9) | **(14)** |
| Nie-bedryfslaste | 49 | 53 | 125 | 230 | **313** |
| Bedryfslaste | 668 | 560 | 870 | 1 227 | **1 751** |
| Totale ekwiteit en aanspreeklikhede | 1 356 | 1 375 | 1 873 | 2 455 | **3 445** |
| **Winsgewendheid en produktiwiteit** | | | | | |
| Opbrengs op totale bates | 9% | 11% | 7% | 7% | **8%** |
| Opbrengs op aandeelhouersbelang | 19% | 19% | 15% | 17% | **20%** |
| Bateomsetsnelheid (aantal keer) | 2,38 | 2,46 | 1,93 | 2,04 | **3,65** |
| Bedryfswins as % van inkomste | 5% | 6% | 5% | 4% | **4%** |
| Omset per aandeelhouer (R'000) | 1 341 | 1 452 | 1 558 | 2 222 | **3 339** |
| Omset per werknemer (R'000) | 4 168 | 4 519 | 4 840 | 5 020 | **3 086** |
| **Solvensie en likiditeit** | | | | | |
| Eie kapitaalverhouding | 47% | 55% | 47% | 41% | **41%** |
| Totale bates tot totale laste | 1,89 | 2,24 | 1,88 | 1,68 | **1,67** |
| Rentedekking (aantal keer) | 5,53 | 8,44 | 5,80 | 5,23 | **5,57** |
| Bedryfskapitaalverhouding | 1,62 | 1,85 | 1,57 | 1,45 | **1,46** |
| Vuurproefverhouding | 1,16 | 1,49 | 1,25 | 1,18 | **1,11** |
| Totale debiteuredae | 108 | 102 | 114 | 110 | **68** |


**Notas**


Bedrae in miljoen behalwe waar anders aangedui.
Verhoudings is verwerk na 12 maande waar van toepassing.
Vanaf 1 April 2013 besit VKB 100% (voorheen 50%) van NTK en van daar die wesenlike styging in die 2014 syfers.


# Finansiële hoogtepunte










# Finansiële hoogtepunte (vervolg)


## Aansporingskorting as % van verdeelbare wins





## Opbrengs op totale bates





## Opbrengs op aandeelhouersbelang





## Bateomsetsnelheid




## Rentedekking





## Eie kapitaalverhouding





## Totale debiteuredae




## Bedryfskapitaalverhouding




## Vuurproefverhouding



# Voorsittersverslag



*Paul Carshagen*

VKB Landbou (Edms) Bpk is weer eens geseën met 'n besonderse jaar. Die gevolg hiervan is dat ons met resultate wat alle vorige rekords ver oortref het, kan spog. Gunstige weersomstandighede, die waardevolle lojaliteit van ons produsente en 'n doelgerigte strategie wat nagevolg word, is alles faktore wat tot hierdie resultate bygedra het.

VKB se unieke aansporingskortingsbeleid maak van dié besigheid 'n voorkeurverskaffer in ons bedieningsgebied. 'n Wesenlike deel van die jaar se verdienste is, soos in die verlede, as aansporingskortings gedurende die oorsigjaar aan ons klante toegeken. Ons is oortuig dat hierdie model steeds die mees effektiewe waarde-ontsluitingsmeganisme is, wat op 'n gebalanseerde basis die behoefte van die Maatskappy en sy klante aanspreek.

## Ekonomiese oorsig

Die wêreldekonomie is stelselmatig besig om van die krisis waarin dit vir 'n tyd vasgevang was, te herstel. Alhoewel internasionale groei nog nie na die vlakke van voor die ekonomiese insinking herstel het nie, is daar tog matige groei in die meeste ontwikkelde lande. Groei in China en Indië is steeds onder druk, wat 'n demper op wêreldwye ekonomiese groei plaas. Ten spyte van lae groei, skep die groeiende wêreldbevolking 'n toenemende vraag na landbouprodukte. Oordragvoorraad bly relatief laag ten spyte van redelike produksie in bykans al die wêrelddele. Voedselsekerheid bly een van die kernuitdagings vir regerings en die algemene vraag is wat met kommoditeitspryse gaan gebeur indien daar 'n mislukte oes in een van die groot landbouproduserende areas is. Die versnelde ontwikkeling van die ontwikkelende wêreld verhoog verder die vraag na hoëwaarde landbouprodukte en proteïene eerder as net koolhidrate. Al hierdie faktore dra by tot 'n ongekende vraag na landbouprodukte. Gevolglik raak landboukommoditeite toenemend belangrik in die internasionale ekonomie. Dit skep internasionaal 'n geleentheid vir die landbou om te presteer. Omdat die wêreld so klein raak en logistiek so vinnig ontwikkel, skep dit ook vir Suid-Afrikaanse landbouprodusente geleenthede.

'n Gebrek aan internasionale vertroue in die Suid-Afrikaanse ekonomie veroorsaak dat ons wisselkoers stelselmatig swakker word, gemeet teen dié van ander lande. Dit het tydelik tot 'n verbetering in produkpryse bygedra, maar veroorsaak dat ons in die lang termyn stelselmatig verarm.

## Produksie-omstandighede

VKB was bevoorreg om weer gedurende 2013 'n groot somergraan-oes te ontvang. Alhoewel die 2013 soja-oes nie oral aan die verwagtinge voldoen het nie, het 'n baie groot mielie-oes vir 'n uitstekende oes-inname gesorg. Die groot hoeveelhede graan wat uitgevoer is, het egter die potensiaal om bergingsinkomste daaruit te verdien, beperk.

Koringaanplantings op droëland toon steeds 'n dalende tendens en veroorsaak dat jaarlikse koringontvangste kwyn. Droëlandkoring word al minder aangeplant en die gewas se toekoms word toenemend tot 'n besproeiingsgewas beperk.

## VKB-prestasie

Die VKB Landbou Groep se prestasie die afgelope jaar oortref alle vorige resultate met gemak. Hierdie prestasie is behaal ten spyte van die feit dat die pluimveebedryf steeds onder druk verkeer en Grain Field Chickens 'n teleurstellende verlies gedurende die afgelope jaar gelei het. Die tradisionele landboubesigheid het op alle terreine puik resultate gelewer. Al drie die afdelings binne die Kommersiële Dienste-departement, naamlik Handel, Insethandel en Meganisasie, het 'n goeie bydrae tot die resultate gelewer. Alhoewel Graandienste se bydrae nadelig deur uitvoere beïnvloed is, bly dit een van die staatmakers in ons stal. Die groot oes het goeie geleenthede vir Graanverhandeling geskep, wat benut is om uitstekende resultate te behaal. Die Finansiering- en Versekeringsdepartement het beide ook goeie bydraes tot die resultate gelewer. Voorts het NTK uitstekend presteer, wat die potensiaal van die Maatskappy bevestig. Die goeie prestasie van die meulens het 'n groot bydrae tot hierdie resultate gelewer en die ervaring is dat Limpopo-produsente toenemend besigheid met NTK as insetverskaffer doen. Die nuwe nywerhede het gemengde welslae behaal. Alhoewel die Tripple V-voeraanleg winsgewend was, het die aanleg die potensiaal om in die toekoms beter te presteer. Ons verwante

maatskappy, Nu-Pro Voere, het nieteenstaande 'n insinking op jaareinde weens duur grondstofposisies, steeds 'n billike bydrae tot die resultate gelewer. Free State Oil se aanvanklike groeipyne is uitgestryk en die maatskappy het aanvaarbaar presteer.

VKB se uitstekende resultate gedurende die afgelope jaar het die besigheid in staat gestel om 'n rekordbedrag van R210 miljoen as aansporingskortings aan sy aandeelhouers toe te ken. VKB het dan ook aan die einde van die oorsigjaar vir die eerste keer erkenning gegee aan die bydrae wat die aandeelhouers se kapitaal tot die resultate lewer deur 'n R10 miljoen dividend op klas 2 voorkeuraandele te verklaar.

## Strategiese visie

VKB het steeds groot vertroue in ons bestaande besigheidsmodel. Die tradisionele produsentebesigheid bly die kernrede vir die besigheid se bestaan en die Direksie is oortuig dat ons aansporingsmodel vir ons omgewing en produsente 'n model is wat werk en wat voortgesit behoort te word.

Ons fokus vir die toekoms is om deurgaans ons diens aan landbouklante te verbeter. Ons tradisionele besigheid is reg gerat om op bestaande prestasies te verbeter. Daar sal selektief geleenthede gesoek word om geografies op strategiese terreine uit te brei. Ons ondersoek ook verdere geleenthede, aanvullend tot ons bestaande nywerhede, om die landbouwaardeketting verder uit te brei.

Die groei en ontwikkeling van die nywerheidsbeen het daartoe aanleiding gegee dat die Direksie oorweging daaraan skenk om die besigheid in die toekoms op twee bene te laat rus. Die een been sal uit die tradisionele landboubesigheid, wat op 'n koöperatiewe model geskoei is, bestaan. Die nywerhede sal in die ander been saam gegroepeer word en dit sal op 'n meer korporatiewe model geskoei word. In hierdie been sal produsente mettertyd ook meer beweegruimte gegee word om met hul aandele te handel.

## Transformasie

VKB verbind hom tot die volhoubare transformasie van ons land. Ons word reeds aangeslaan as bydraer tot swart ekonomiese bemagtiging in terme van SEB-wetgewing. Die besigheidstrategieë is daarop gefokus om stelselmatig ons vlak van bydrae tot SEB op elkeen van die pilare waarop SEB-wetgewing rus, te verbeter.

Ons is daarop ingestel om aan voorheen benadeelde groeperings geleenthede te bied om volwaardig tot die ekonomiese hoofstroom toe te tree.

Ons ondersteun ook die dryf na voedselsekerheid in ons land en is daarop ingestel om aan opkomende produsente bystand en opleiding te verskaf om die optimale benutting van geallokeerde grond te verseker.

Voorts is VKB besig met versnelde ontwikkelingsprogramme vir ons eie werknemers en gegradueerde kwekelinge uit die voorheen benadeelde groeperings. Ons wil hiermee verseker dat ons oor die nodige talent beskik om aan gelyke indiensname te voldoen sonder om die onderneming se diensvlakke te verlaag.

## Vooruitsigte vir die komende jaar

VKB is tans besig om sy grootste somer-oes ooit in te samel. Die totale somer-oes behoort gemaklik oor die een miljoen ton merk te beweeg. Beide die mielie- en soja-oes beloof om goeie oeste te wees. Ons sien gevolglik uit na voortreflike resultate vir die 2015 finansiële jaar.

Ons is vol moed dat ons nuwe nywerhede gedurende die komende jaar op die vorige resultate sal verbeter en dat die gekombineerde resultate die potensiaal het om weer eens die huidige jaar se resultate te oortref.

## Bedankings

Ek wil die geleentheid gebruik om my opregte dank teenoor die volgende persone uit te spreek:

- Produsente vir hul voortgesette lojale ondersteuning.
- Ons verskaffers en graanafnemers met wie ons jarelange verbintenisse het en wat ons onderneming getrou ondersteun.
- My mededirekteure vir hul toewyding en visie.
- Die Uitvoerende Bestuur en personeel wat die hart van die onderneming is en die onderneming met soveel toewyding dien.

Ons wil ook in diepe afhanklikheid ons Hemelse Vader dank vir die seën wat Hy so onverdiend oor ons onderneming uitstort.

Paul Carshagen
**Voorsitter**



# Raad van Direkteure



PAUL CARSHAGEN (59)
*VOORSITTER*
*WYK 1*
KOMITEES:
- Nominasiekomitee
- Ex officio op alle ander komitees



COENRAAD FICK (56)
*ONDERVOORSITTER*
*WYK 1*
KOMITEES:
- Oudit- en Risikokomitee (Voorsitter)
- Nominasiekomitee
- Grain Field Chickens



JOHANN CLAASEN (48)
*WYK 4*
KOMITEES:
- Graanbedryfskomitee
- Grain Field Chickens



KOBIE BEKKER (63)
*(ONAFHANKLIK)*
KOMITEES:
- Oudit- en Risikokomitee
- Menslike Hulpbronne-komitee



MICHAEL DE KLERK (56)
*WYK 7*
KOMITEES:
- Graanbedryfskomitee (Voorsitter)
- Menslike Hulpbronne-komitee




HUMAN DU PREEZ (54)
*WYK 15*
KOMITEES:
- Sosiale- en Etiekkomitee
- Limpopo



IZAK DREYER (45)
*WYK 3*
KOMITEES:
- Oudit- en Risikokomitee
- Graanbedryfskomitee



PIERRE DE VILLIERS (58)
*WYK 2*
KOMITEES:
- Menslike Hulpbronne-komitee (Voorsitter)
- Sosiale- en Etiekkomitee



JOHAN DU PLESSIS (66)
*WYK 8*
KOMITEES:
- Oudit- en Risikokomitee
- Graanbedryfskomitee
- Grain Field Chickens



LEON EKSTEEN (57)
*WYK 15*
KOMITEES:
- Oudit- en Risikokomitee
- Limpopo



PIERRE JACOBS (66)
*WYK 15*
KOMITEES:
- Menslike Hulpbronne-komitee
- Limpopo



MASELI LETUKA (64)
*(ONAFHANKLIK)*



DAN KRIEK (45)
*WYK 6*
KOMITEES:
- Sosiale- en Etiekkomitee (Voorsitter)
- Menslike Hulpbronne-komitee
- Nominasiekomitee



GERRIT STEYN (34)
*WYK 5*
KOMITEES:
- Graanbedryfskomitee
- Sosiale- en Etiekkomitee



MARKUS MITTERMAIER (42)
*FINANSIËLE DIREKTEUR*



KOOS JANSE VAN RENSBURG (54)
*BESTURENDE DIREKTEUR*



DR MOSES MAINE (42)
*DIREKTEUR: TRANSFORMASIE*



# Bestuursoorsig

## vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2014

Die VKB Groep kyk weer eens met trots terug op 'n rekordwinsjaar. Die resultate word moontlik gemaak deur die gevestigde besigheidseenhede van Graanopberging en -hantering, Graanbemarking, Kommersiële Dienste, Finansiering en Versekering wat hul volgehoue goeie prestasie voortgesit het en sodoende nuwe hoogtes bereik het. NTK Landbou (Edms) Bpk het ook voortreflik presteer en getoon dat daar nog baie onontginde potensiaal in Limpopo is. Nu-Pro Voere (Edms) Bpk en Free State Oil (Edms) Bpk se goeie bydrae tot die resultate is 'n bewys dat VKB se besluit om in die landbouwaardeketting te investeer, groot potensiaal inhou. Ongelukkig kon die belegging in die braaikuikenbedryf gedurende die oorsigjaar nog nie die moeilike bedryfsomstandighede te bowe kom nie en dit doen effens afbreuk aan die andersins baie goeie resultate.



Koos Janse van Rensburg



Markus Mittermaier

## Groepresultate


Op jaareinde reflekteer VKB se gekonsolideerde netto wins voor belasting en aansporingskortings R279,3 miljoen teenoor die vorige jaar se R168 miljoen (aangepas na R187 miljoen). Die resultate kan nie sondermeer met die vorige jaar vergelyk word nie, aangesien NTK tans 100% deur VKB besit word, in teenstelling met die vorige jaar se 50% besit. Die aangepaste syfer van die vorige jaar word vir doeleindes van vergelyking aangetoon, indien NTK die vorige jaar reeds ten volle met VKB gekonsolideer was.

Winste en verliese van filiale en verwante maatskappye ingesluit in die huidige jaar se wins na belasting is:

- ◊ 100% van NTK* – R134,1 miljoen (vorige jaar 50%, R19,8 miljoen).
- ◊ 50% van Nu-Pro Voere – R1,6 miljoen (vorige jaar R2,4 miljoen).
- ◊ 50% van Nu-Pro Commodities – R0,2 miljoen verlies (vorige jaar R1 miljoen wins).
- ◊ 40% Free State Oil (FSO) – R3,3 miljoen wins (vorige jaar R4,5 miljoen verlies).

** Die werklike wins voor belasting van die NTK Groep was R71 miljoen. Die verskil word opgemaak deur die likwidasiedividend van NTKLA en die aangeslane verlies wat 'n uitgestelde belastingbate veroorsaak.*

**Wins voor aansporingskorting**





Bedryfsfaktore en vestigingskoste by Grain Field Chickens het veroorsaak dat dié bedryf 'n verlies vir die afgelope jaar getoon het. Die verliese het VKB se resultate voor belasting (netto van minderheidsbelang) met R35,2 miljoen negatief beïnvloed. Hierdie resultate moet egter nie in isolasie beskou word nie, aangesien sekere finansiële voordele voortspruitend uit Grain Field Chickens (Edms) Bpk in ander besigheidseenhede verskuil is. Tripple V, VKB se veevoeraanleg op Vrede, het 'n bydrae van R7,7 miljoen tot VKB se winsgewendheid vir die afgelope jaar gemaak ten spyte daarvan dat die aanleg nog nie op volle kapasiteit produseer nie. Tripple V is op sy beurt 'n groot afnemer van die oliekoek van Free State Oil en sodoende lewer die braaikuikenbedryf weer 'n bydrae tot Free State Oil se resultate. Die verwerkingsaanlegte veroorsaak ook dat VKB meer opbergingsinkomste uit sy silo's verdien as wat in die verlede die geval was.

Die prognose van die braaikuikenbedryf lyk heelwat beter vir die komende jaar en ons vertrou dat Grain Field Chickens gedurende die nuwe jaar 'n positiewe bydrae tot VKB se resultate sal maak.

## Aansporingskorting

Gegewe die goeie prestasie van VKB onder moeilike ekonomiese omstandighede, het die Raad van Direkteure goedkeuring verleen dat die groep R210 miljoen as aansporingskorting aan klante toeken. R185 miljoen hiervan is aan VKB-klante toegeken en R25 miljoen aan NTK-klante; dit word op die afgelope jaar se ondersteuning en deelname aan bedrywighede gebaseer.


**Aansporingskortings aan klante**




## Bedryfsresultate

Die omset van R8 795 miljard van die VKB Groep is meer as dubbel die syfer van die vorige oorsigjaar. Die feit dat NTK as volfiliaal ten volle gekonsolideer word, het die grootste aandeel in dié styging gehad. Verder is die styging ook veroorsaak deur die verhoging in kommoditeitspryse wat Graanbemarking se omset verhoog het, verhoogde volumes en pryse vir landbou-insette asook die nuwe projekte. Die verhoogde volumes by Grain Field Chickens het ook tot die groei bygedra.

**Omset**




Die omset van die besigheid wat met aandeelhouers gedoen is, het gedurende die afgelope jaar toegeneem.

Dieselfde tendens is ook by individuele aandeelhouers opgemerk. Die styging in omset per aandeelhouer is hoër vir dieselfde redes as VKB se omsetstyging.

Alhoewel die volume graan wat ontvang is, drasties hoër as die vorige jaar is, is die Graanhanteringsafdeling se inkomste uit opberging laer as die vorige jaar, vanweë die groot volume uitvoere van graan wat veroorsaak het dat die gemiddelde opbergingstydperk van graan verkort is. Die resultate van die Graanbemarkingsafdeling is goed, gegewe die groter volumes beskikbaar en die feit dat kommoditeitspryse heelwat hoër as die vorige jaar was.

Die Handelsafdeling het gedurende die oorsigjaar baie goed presteer. Soortgelyke voortreflike resultate is deur Insethandel behaal. Meganisasie het op die bestendige resultate van die afgelope aantal jare voortgebou en met 'n goeie bydrae tot die onderneming se wins afgesluit.

Die Versekeringsafdeling het weens uitbreidings sowel as die feit dat versekerde kommoditeite se pryse gedurende die tydperk baie verhoog het, goeie groei getoon.

Finansiering se inkomste is nadelig geraak, aangesien daar gedurende die vorige jaar inkomste van 'n nie-herhalende aard verdien is. Die vergrote omvang van besigheid en die gepaardgaande groei in die debiteureboek het 'n positiewe invloed op dié afdeling se resultate gehad. Gelukkig is die kwaliteit van die debiteureboek steeds goed weens die afgelope aantal jare se gunstige landbouresultate in die VKB-bedieningsgebied.

Saadverwerking se prestasie verswak voortdurend vanweë die lae volume droëlandkoringaanplantings. Die prognose vir droëlandkoringverbouing is steeds swak, gegewe die huidige koringprys en klimaatsrisiko. Dit kan ook in die toekoms 'n nadelige uitwerking op hierdie afdeling se resultate hê.

## Bruto inkomste

Die konsolidering van NTK se resultate veroorsaak weer eens 'n skerp styging in bruto inkomste. Die bruto inkomste wat deur VKB gerealiseer is, is beter as die vorige jaar, weens 'n verhoging in die volume verkope, maar die bruto wins is ongelukkig nadelig geraak deur marges wat laer as die voorafgaande jaar was.

## Uitgawes

Uitgawes word streng bestuur en is binne verwagting wat betref inflasie-aannames. Enkele hoër uitgawes was hoofsaaklik weens verhoogde volume besigheid.


NTK se konsolidasie is weer eens verantwoordelik vir die geweldige groei in die groepsyfer. Ontleding van VKB-uitgawes dui daarop dat enkele items om spesifieke redes 'n toename getoon het. Rente betaal is beduidend hoër as die vorige jaar, hoofsaaklik weens die feit dat VKB 'n debiteureboek, wat wesenlik hoër as die vorige jaar is, bestuur en as gevolg van die investering in nywerhede. Die investering in nywerhede is hoofsaaklik uit eie bronne gefinansier en die verhoogde debiteureboek uit vreemde bronne.

Weens VKB se groeistrategie, veral in sy nywerheidsbeen, was dit onafwendbaar dat ekstra personeel aangestel moes word en dit het gevolglik die salariskoste met meer as inflasie laat styg.




# Bestuursoorsig (vervolg)


**Bruto inkomste**




**Bedryfsuitgawes**




**Kapitaalverhouding**




## Kapitaalbronne

Die aard van 'n landboubesigheid wat debiteuresiklusse wat met produksie- en bemarkingseisoene verband hou, finansier, veroorsaak dat hulle kapitaal- en opbrengsverhoudings moeilik met empiriese norme vergelyk kan word.
Die bostaande grafiek toon die eie kapitaal en totale kapitaal aan wat werksaam is binne die VKB Groep.

Weens VKB se doelbewuste groeistrategie word groot kapitale investerings, wat die kapitaalverhouding tydelik sal versteur, gemaak. Dit is die rede vir die daling in die kapitaalverhouding.

Die investering in kapitaalintensiewe bedrywe word binne konserwatiewe norme wat vir balansstaatverhoudings gestel word, gedoen en VKB se staat van finansiële posisie behoort steeds een van sy sterk punte te wees. Die kapitaalverhoudings behoort steeds binne ons selfopgelegde norme te bly en gaandeweg te verbeter. Ons langtermyndoelwit is om 'n hefboom van 50% te handhaaf.

## Bedryfskapitaal- en likiditeitsverhoudings


Weens die groeistrategie wat VKB volg, is daar gevolglik 'n groter behoefte aan addisionele bedryfskapitaal. Optimale vlakke van bedryfskapitaal word steeds gehandhaaf en die Groep se likiditeit is steeds op gesonde vlakke.

Die insluiting van NTK en Grain Field Chickens se debiteuresyfers het die Groep se gemiddelde debiteuredae aansienlik ingekort, aangesien hierdie besighede se debiteuresiklusse heelwat korter is. Die finansiering van landbouproduksie-siklusse veroorsaak dat landboubesighede se gemiddelde aantal dae wat debiteure uitstaande is, relatief hoog is, in vergelyking met ander bedrywe. VKB se debiteure toon 'n skerp styging, wat 'n noodwendige gevolg is van die verhoogde volume besigheid asook die verhoogde landbou-insetkoste, maar bly in verhouding tot sy inkomste gegenereer. Die kwaliteit van die debiteureportefeulje is steeds baie goed. 'n Matige aanpassing in die voorsiening vir twyfelagtige skuld was, gegewe die omstandighede, nietemin nodig.


## Opbrengs op totale en eienaarskapitaal

Weens die omvang van VKB se finansieringsaktiwiteite voldoen die opbrengs op totale kapitaal nie aan die uitdagende norme wat ons graag wil behaal nie. In 'n poging om ons opbrengs op totale kapitaal te verhoog, het VKB in 'n aantal nuwe projekte belê, waar die opbrengs op die kapitale investering hoër as die gemiddelde opbrengs op totale kapitaal behoort te wees. Sommige van die nuwe bedrywighede lewer nog nie bevredigende opbrengste nie, maar die situasie behoort in die kort termyn te verbeter. Wanneer ons nuwe projekte in volle produksie is, behoort die opbrengs


**Bedryfskapitaalverhouding**




**Totale debiteuredae**




**Opbrengs op kapitaal**




op totale kapitaal dus te verbeter. Die opbrengs op eie kapitaal voldoen aan ons doelwitnorm en dit vergelyk goed met die industrie sowel as die totale ekonomie, wat 'n aanduiding is dat VKB sy geleende geld produktief aanwend.

## Vaste bates en finansiële bates

Kapitaalspandering van die Groep het R237 miljoen beloop, waarvan die spandering aan geboue R122 miljoen; aanleg, toerusting en meubels R85 miljoen; voertuie R18 miljoen en rekenaartoerusting R12 miljoen bedra het. Depresiasie vir die jaar het R45 miljoen beloop. Die investering in vaste bates word hoofsaaklik deur die spandering aan Grain Field Chickens, die veevoeraanleg op Vrede sowel as die logistieke infrastruktuur wat daarmee verband hou, verteenwoordig. Finansiële bates verteenwoordig hoofsaaklik lenings aan filiale en verwante maatskappye en fluktueer deur die jaar.

## Voorraad

Die totale voorraad vergelyk soos volg:

| | 2014 | 2013 |
|---|---|---|
| | **R'000** | R'000 |
| Graanvoorraad | **109 238** | 85 278 |
| Handelsvoorraad | **455 822** | 194 750 |
| Nywerhede | **27 797** | 45 052 |
| Ander voorraad | **17 079** | 3 796 |
| | **609 936** | 328 876 |

## Kontantvloei

Die bedryfsaktiwiteite van die Groep lewer 'n kontantuitvloei van R523 miljoen. Die netto beweging uit beleggingsaktiwiteite het R38 miljoen laat uitvloei. Die finansieringsaktiwiteite van die Groep het R281 miljoen laat invloei.

In totaal was daar dus 'n netto afname in kontant van R280 miljoen, wat die kontanttekort aan die begin van die jaar vergroot het.

## Volhoubaarheid

VKB se bedrywighede is uitstekend geposisioneer om selfs tydens ongunstige ekonomiese tye winsgewend te kan wees. Die onderneming en sy filiale se state van finansiële posisie is konserwatief gestruktureer. Aangesien die debiteureboek gedeeltelik uit eie kapitaal gefinansier word, hou 'n verhoging in finansieringskoste nie vir die onderneming enige gevaar in nie en behoort 'n verhoging in rentekoerse selfs 'n verbetering in die onderneming se resultate tot gevolg te hê. Investering in nuwe besigheidseenhede word net aangepak indien die geprojekteerde resultate aan sekere vooropgestelde norme voldoen. Dit word ook net gedoen indien daar sinergie met bestaande bedrywighede bestaan wat tot die nuwe besigheid se mededingende voordeel bydra. Gegewe die genoemde aspekte, is die onderneming uitstekend geposisioneer om in die lang termyn volhoubaar te presteer.



Koos Janse van Rensburg
**Besturende Direkteur**



Markus Mittermaier
**Finansiële Direkteur**



# Uitvoerende Bestuur

**SAS**
KASSELMAN (46)
Besturende Direkteur
Grain Field Chickens
- Hons BCom Bemarkingsbestuur

**DR PG**
STRAUSS (36)
Uitvoerende Hoof
Logistiek en Internasionale Handel
- PhD (Strategiese- en Risikobestuur)

**RIAAN**
GERRITZEN (48)
Uitvoerende Hoof
Menslike Hulpbronne
- NHD MH Bestuur

**DR MOSES**
MAINE (42)
Uitvoerende Direkteur
Transformasie
- BComm in MH Bestuur
- Eredoktorsgraad in Teologie



**MARKUS**
MITTERMAIER (42)
Uitvoerende Direkteur
Finansies
- GR (SA)

**ANDRÉ**
ODENDAAL (55)
Uitvoerende Hoof Graan
- MSCAgric
- BOP
- GBP

**ADV. RINA**
ERASMUS (46)
Groepsekretaris
- LLM
- MBA

KOBUS
VAN HEERDEN (58)
Uitvoerende Hoof
Kommersiële Dienste
• MBA

TINUS
BAM (58)
Uitvoerende Hoof IT
• BCom

JAN
VAN DER WALT (41)
Bestuurder Bemarking

FRANCOIS
FRONEMAN (34)
Besturende Direkteur – NTK
• GR (SA)



KOOS
JANSE VAN RENSBURG (54)
Besturende Direkteur
• MBL
• GR (SA)

DR NIC
VAN STRYP (49)
Uitvoerende Hoof
Finansiering en Versekering
• MBA
• PhD (Landbou en
Finansiële Onderhandelinge)

PETER
COOK (57)
Uitvoerende Hoof Nywerhede
• MBL



# Korporatiewe Beheer-verslag

## Verbintenis tot korporatiewe beheer

Die Direksie van VKB is verbind tot verantwoordelike korporatiewe burgerskap en effektiewe korporatiewe beheer. Ten einde hieraan uitvoering te gee, onderskryf die Direksie die aanbevelings van die King-verslag op Korporatiewe Beheer (King II en III Kode), wat gebaseer is op die beginsels van deursigtigheid, integriteit, volhoubaarheid, billikheid en verantwoordbaarheid. Hierdie beginsels vorm dan ook die basis van die Groep se Etiese Gedragskode.

Die Direksie is die fokuspunt van die besigheid se korporatiewe beheer en is verantwoordelik teenoor alle belanghebbendes vir die bedryf en prestasie van die besigheid. 'n Korporatiewe kultuur van nakoming van wette, regulasies, beleid en prosedure is binne die VKB Groep gevestig. Die Direksie het 'n Rapporteringsbeleid om wanpraktyke te identifiseer, korrupsie en diefstal teen te werk en persone te beskerm wat ongerymdhede rapporteer.

## Die Raad van Direkteure

Gedurende die oorsigperiode het die Direksie uit 15 nie-uitvoerende direkteure en drie uitvoerende direkteure bestaan. 13 van die nie-uitvoerende direkteure word deur die lede van die betrokke wyk genomineer en verkies (VKB – 9 en NTK – 4). Die ander nie-uitvoerende direkteure, mnre Kobie Bekker en Maseli Letuka, dien as onafhanklike nie-uitvoerende direkteure. Dr Moses Maine is gedurende September as uitvoerende direkteur in die plek van mnr Letuka tot die Direksie gekoöpteer. Benewens dr Moses Maine dien mnr Koos van Rensburg, die Besturende Direkteur, en mnr Markus Mittermaier, die Finansiële Direkteur, as uitvoerende direkteure op die Direksie. VKB betreur die afsterwe van mnr Lourens van Aswegen, een van die Limpopo-direkteure, op 23 Augustus 2013. Voorts het mnr Johann Claasen ook gedurende hierdie jaar as direkteur bedank. Hy het sedert Julie 2007 as direkteur van Wyk 4 op die Direksie, gedien.

Die Nominasiekomitee is behulpsaam met die identifisering van geskikte kandidate om as wyksdirekteure verkies te word en om te verseker dat die Direksie oor die nodige kundigheid beskik.

Die indeling van die wyke word in die Direkteursverslag aangetoon.

Op die eerste vergadering van die Direksie wat ná elke Algemene Jaarvergadering van die aandeelhouers gehou word, of wanneer dit nodig is, kies die direkteure uit hul midde 'n Voorsitter en 'n Ondervoorsitter. Die Voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur. Mnr Paul Carshagen is as Voorsitter en mnr Coenraad Fick as Ondervoorsitter vir die oorsigjaar verkies.

Ingevolge die Akte van Oprigting van VKB is die ampstermyn van direkteure drie jaar. Gedurende die jaar is die volgende direkteure herkies:

- ◊ Wyk 2 – Daniëlsrus/Bethlehem/Kestell, Phuthaditjhaba/QwaQwa: Mnr PJF de Villiers.
- ◊ Wyk 4 – Petrus Steyn/Heilbron/ Senekal/Hennenman/Lindley: Mnr GJ Claasen.
- ◊ Wyk 6 – Frankfort/Tweeling: Mnr DJ Kriek.

Die balans binne die Direksie is gesond en die rol van die Voorsitter is geskei van dié van die Besturende Direkteur. Die Voorsitter is verantwoordelik vir leierskap binne die Direksie en fasiliteer konstruktiewe skakeling tussen die Direksie, Bestuur en belanghebbendes. Die Besturende Direkteur is primêr verantwoordelik vir leiding aan die Bestuur in die implementering van strategie en die bedryf van die besigheid.

## Pligte en verantwoordelikhede

Die pligte en verantwoordelikhede van die Direksie is vervat in wetgewing en VKB se Akte van Oprigting.

Die Direksie bepaal die besigheid se strategie en is verantwoordelik om die Groep te lei ten einde uitvoering te gee aan hierdie strategie en die gepaardgaande bedryfsdoelwitte. Die Direksie monitor deurgaans die prestasie van die besigheid teenoor gestelde doelwitte, vorige jare en waar van toepassing, die industrie. Die Direksie monitor ook deurgaans die solvensie en likiditeit van die Groep en Maatskappy.

Dit is die verantwoordelikheid van die Uitvoerende Bestuur om die besluite van die Raad van Direkteure te implementeer. Daar bestaan 'n besluitnemingsraamwerk wat deur die Direksie goedgekeur is en wat sekere bevoegdhede en magte aan die Bestuur delegeer.

Die Direksie is voorts verantwoordelik om te verseker dat die Maatskappy optree soos, en gesien word as, 'n verantwoordelike korporatiewe burger wat die volhoubaarheid van die Maatskappy, gemeenskap en natuurlike omgewing beskerm en uitbou, en gegrond is op 'n etiese korporatiewe kultuur.

Aan die einde van elke jaar doen die Direksie 'n volledige jaarbeplanning vir die daaropvolgende jaar. Die Direksie vergader ten minste vier keer per jaar en addisionele vergaderings word geskeduleer indien nodig.

Tussen geskeduleerde vergaderings hou die Bestuur die Direksie op hoogte van belangrike verwikkelinge wat die besigheid raak. Die direkteure het onbeperkte toegang tot alle inligting, rekords en hulpbronne van die

besigheid ten einde uitvoering te gee aan hulle verantwoordelikhede.

## Onafhanklikheid van Direksie

Van direkteure word verwag om objektief en onafhanklik op te tree in die uitvoering van hulle pligte. 'n Direkteur van VKB wat in 'n ander hoedanigheid as direkteur, lid, geaffilieerde lid of behoorlik gemagtigde agent van VKB 'n belang het by 'n voorgestelde kontrak wat VKB oorweeg om aan te gaan of 'n belang by 'n kontrak bekom nadat dit deur VKB aangegaan is, moet volle besonderhede betreffende die aard en omvang van sy belang bekend maak en mag nie ten opsigte van sodanige kontrak of voorgestelde kontrak met VKB, of 'n aangeleentheid wat daaruit voortspruit, stem nie en indien hy aldus stem, word sy stem nie getel nie.

Die Direksie benoem jaarliks direkteure om op die Direksies van filiale en ander ondernemings waarby die Maatskappy 'n belang het, te dien. Direkteurskappe en belange verklaar deur direkteure word in 'n register aangeteken, wat vir hierdie doel bygehou word.

## Evaluasie en opleiding van direkteure

'n Formele evaluasie van die Direksie word jaarliks gedoen. Die resultate word ontleed en indien tekortkominge geïdentifiseer word, word dit toepaslik aangespreek.

Die evaluasie gedurende die tydperk onder oorsig het positiewe resultate opgelewer en geen wesenlike tekortkominge is geïdentifiseer nie. Die Direksie evalueer deurlopend sy eie prestasie sowel as die prestasie van komitees.

Vanweë die omvattende verantwoordelikhede van direkteure, word die Direksie deurentyd op hoogte gebring van nuwe wetgewing en verwikkelinge wat die besigheid raak. Die Direksie het gedurende die tydperk onder oorsig opleiding oor relevante wetgewing en korporatiewe beheer ontvang.

## Komitees

Die Direksie het die volgende komitees gevestig om effektiewe besluitneming te fasiliteer en om die Direksie in die uitvoering van sy pligte en verantwoordelikhede by te staan:

- Oudit- en Risikokomitee
- Menslike Hulpbronne-komitee
- Graanbedryfskomitee
- Nominasiekomitee
- Sosiale- en Etiekkomitee
- NTK Bedryfskomitee

Die komitees funksioneer in terme van goedgekeurde verwysingsraamwerke wat jaarliks deur die Direksie hersien word. Tensy daartoe gemagtig deur wetgewing, het die komitees nie besluitnemingsbevoegdheid nie en maak slegs aanbevelings aan die Direksie. Die Voorsitters en lede van die onderskeie komitees word deur die Direksie verkies na gelang van hul kundigheid op 'n spesifieke terrein. Die onderskeie Voorsitters hou die beraadslagings en aanbevelings van die komitees aan die Direksie voor.

Agendas vir vergaderings word minstens vier werksdae voor 'n vergadering aan komiteelede gesirkuleer. Vergaderings van die Direksie en die komitees vind plaas ooreenkomstig goedgekeurde vergaderprosedure. Van direkteure word verwag om alle vergaderings getrou by te woon. Gedurende die tydperk onder oorsig, was die bywoningspersentasie van komiteevergaderings deur lede van die Direksie 98% en is verskoning aangebied vir die enkele vergaderings wat lede nie kon bywoon nie.

| | Direkteure | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **PORTEFEULJES** | PG Carshagen* | CF Fick* | GJ Claassen* | MC de Klerk* | PJF de Villiers* | ID Dreyer* | JBS du Plessis* | JH du Preez* | LJ Eksteen* | PJ Jacobs* | DJ Kriek* | MA Letuka* | G Steyn* | LW van Aswegen* | JCP Bekker* | JF Janse van Rensburg+ | M Maine+ | MJ Mittermaier+ |
| **Direksie** | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| VKB Landbou (Edms) Bpk | V | O | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X |
| Nu-Pro Voere (Edms) Bpk | | | | | | V | | | | | | | | | | X | | |
| Nu-Pro (Edms) Bpk | | | | | | V | | | | | | | | | | X | | |
| Grain Field Chickens (Edms) Bpk | X | V | | | | | X | | | | | | | | | X | | |
| Free State Oil (Edms) Bpk | X | | | | | | | | | | | | | | | X | | |
| AE Solutions (Edms) Bpk | | | | | | | | | | | | | | | | X | | |
| **Komitees** | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Oudit- en Risiko | | V | | | | X | X | | X | | | | | | X | | | |
| Menslike Hulpbronne | | | | X | V | | | | | X | X | | | | X | | | |
| Graanbedryf | | | X | V | | X | X | | | | | | X | | | | | |
| Nominasie | X | X | | | | | | | | | X | | | | | | | |
| Sosiale- en Etiek | | | | | X | | | X | | | V | | X | | | | | |
| Limpopo | | | | | | | | X | X | V | | | | | | | | |

*** Nie-uitvoerend** **+ Uitvoerend** **V Voorsitter** **O Ondervoorsitter** **X Lid**



# Korporatiewe Beheer-verslag (vervolg)

## Aandeelhouding

VKB word besit deur sy nagenoeg 3 600 aandeelhouers, waarvan ongeveer 1 000 produsente in die Limpopo-gebied is wat voorheen aandeelhouers van NTK was.

## Reëlingskema

Gedurende 2008 het VKB betrokke geraak by NTKLA deur 'n 50%-belang in die maatskappy te verkry en sekere finansierings- en bestuursinsette aan die NTK Groep te verskaf. Die direksies van NTK en VKB het sedertdien 'n pad met mekaar en hul aandeelhouers geloop in die rigting van die uiteindelike samevoeging van NTK en VKB se besighede en hul onderskeie aandeelhouerskorpse. Ten einde die samevoeging deur te voer en die nuwe saamgevoegde groepstruktuur tot stand te bring, is die meganisme van 'n reëlingskema kragtens die Maatskappywet tussen NTK en sy aandeelhouers gebruik. Die skema het die verkryging deur VKB van NTK-aandeelhouers se aandele en ander belange in NTK behels, in ruil vir soortgelyke en gelykwaardige belange in VKB. Vir hierdie doel is die eertydse NTK Koöperasie in 'n private maatskappy omskep, naamlik NTK Landbou (Edms) Bpk. Die skema is op 26 April 2013 eenparig deur die aandeelhouers van NTK goedgekeur en daarna geïmplementeer. Die eertydse NTK-lede het gevolglik volwaardige aandeelhouers van VKB geword en NTK 'n volfiliaal van VKB. Die bedrywighede van NTKLA is vervolgens opgeneem in NTK. NTK-aandeelhouers doen steeds besigheid met NTK, weliswaar as volfiliaal van VKB.

## Risikobestuur en volhoubaarheid

Die Maatskappy bestuur sy risiko's op 'n proaktiewe grondslag. Daar word jaarliks 'n geskeduleerde program van risikobeoordeling gevolg, waartydens risiko's gekwantifiseer, geprioritiseer en in 'n risikobestuursplan vervat word. Die Direksie bepaal die risiko-aptyt van die Maatskappy. Alhoewel die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling, implementering en beoordeling van die risikobestuursplan aan die Bestuur gedelegeer is, keur die Direksie die risikobestuursplan goed en is dit sy verantwoordelikheid om te verseker dat die plan formeel gedokumenteer word. Die Oudit- en Risikokomitee evalueer die effektiwiteit van die plan op 'n deurlopende basis, kontroleer die implementering en nakoming daarvan en gee terugvoer aan die Direksie. Die Bestuur gee ook voortdurend aandag aan risikobestuur en dit vorm 'n staande item op die agenda van bestuursvergaderings. Die Interne Oudit-afdeling vervul 'n kritieke rol in die onderneming se interne beheer en risikobestuur.

Die volhoubaarheid van die VKB Groep in die lang termyn bly die belangrikste aspek van die Direksie se verantwoordelikhede. Die Direksie het 'n langtermynstrategie aanvaar ten einde hieraan uitvoering te gee. Volhoubaarheidsinligting word voortdurend aan die Direksie verskaf en krities beoordeel ten einde te verseker dat die voorwaartse inligting 'n behoorlike begrip verskaf van die sleutelaandrywers wat die Maatskappy in staat sal stel om sy doelwitte te behaal, dat die inligting betroubaar is en dat daar geen teenstrydigheid met die geopenbaarde finansiële inligting voorkom nie.

## Nakoming van wetgewing

Die Direksie neem verantwoordelikheid vir die nakoming van alle toepaslike wetgewing en regulatoriese vereistes. Die Maatskappysekretaris gee deurlopend aandag aan die kritieke wetgewende risiko-areas, as deel van die gevestigde risikobestuursproses. Deurlopende bewusmaking, opleiding en skakeling tussen die afdelings rakende nakoming vind plaas en gerusstelling word aan die Direksie via die komiteestrukture voorsien.

## IT-beheer

Die Direksie verseker die aktiewe bestuur van die IT-beheerraamwerk deur 'n span IT-personeel en -spesialiste as 'n integrale deel van die risikobestuursraamwerk. IT-beheer is 'n staande punt op die agenda van die Oudit- en Risikokomitee en die hersiening van IT-verwante kontroles is in die interne ouditplan ingesluit. Uitgebreide besigheids- en IT-rampherstelprosesse is reeds gevestig.

## Solvensie en likiditeit

Die Direksie, met die hulp van die Oudit- en Risikokomitee, monitor deurgaans die solvensie en likiditeit van die Maatskappy en die Groep met inagneming van alle redelik voorsienbare finansiële omstandighede van die Maatskappy. Hierdie omstandighede sluit in of die Maatskappy se bates sy laste oorskry op 'n gegewe tydstip en of die Maatskappy in staat sal wees om sy skulde te betaal wanneer dit in die gewone loop van besigheid verskuldig word vir 'n tydperk van twaalf maande ná die datum waarop die toets oorweeg word.

## Verhouding met belanghebbendes

VKB het verskeie kanale wat die kommunikasie, verhoudinge en skakeling met sy belanghebbendes, soos lede, werknemers, klante, verskaffers, die gemeenskap en die regering, reguleer. VKB se webtuiste, *www.vkb.co.za*, en tweemaandelikse nuusbrief, Die Pad Saam, sowel as 'n massa-SMS-diens en boodskappe op state word onder meer gebruik as skriftelike kommunikasiemedia.

VKB besef hoe belangrik dit vir aandeelhouers is om die Algemene Jaarvergadering by te woon. Hierdie vergadering word deur 'n reeks inligtingsvergaderings in VKB en NTK se bedieningsgebiede voorafgegaan,

waartydens aandeelhouers op hoogte gebring word van verwikkelinge binne die besigheid en waartydens aandeelhouers met VKB se personeel kan kommunikeer.

VKB beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die Groep se skakelbeampte.

## Verklaring van Direksie

Die Direksie erken sy verantwoordelikheid om die integriteit van die jaarverslag te verseker. Die Direksie het die jaarverslag dienooreenkomstig oorweeg en is van mening dat die jaarverslag al die wesenlike aspekte aanspreek en 'n billike weergawe is van die geïntegreerde prestasie van die besigheid en sy impakte.

Die jaarverslag is in alle wesenlike opsigte voorberei ooreenkomstig goeie praktyk voortspruitend uit die aanbevelings van die King III Kode. Die Direksie magtig hiermee die uitreiking van die jaarverslag.

Adv. SC Erasmus (mev)
**Groepsekretaris**





# Vergoedingsverslag

Verslag voorberei deur die Voorsitter, mnr Pierre de Villiers

## Samestelling

Die Menslike Hulpbronne-komitee bestaan uit ten minste drie direkteure wat deur die Raad van Direkteure aangestel word. Die Raad van Direkteure kan van tyd tot tyd kundiges tot die komitee koöpteer of as lede van die komitee aanstel. Gedurende die tydperk onder oorsig het die komitee uit vyf nie-uitvoerende direkteure (PJF de Villiers, MC de Klerk, DJ Kriek, JCP Bekker en PJ Jacobs) bestaan. Die Voorsitter van die Direksie, Besturende Direkteur en die Uitvoerende Hoof: Menslike Hulpbronne woon ook die vergaderings by. Die Uitvoerende Bestuur word tydens vergaderings verskoon wanneer hulle vergoeding bespreek word. Die komitee het drie keer gedurende die tydperk onder oorsig vergader.

Die voorgestelde vergoeding van direkteure word jaarliks aan die aandeelhouers vir goedkeuring voorgelê.

## Mandaat en verantwoordelikhede

In terme van sy mandaat het die komitee die volgende pligte en verantwoordelikhede:

1. Oorsig oor die bepaling en administrasie van vergoeding op alle vlakke in die Maatskappy.
2. Oorsig oor die opstel van 'n vergoedingsbeleid wat sal meehelp om strategiese doelwitte te behaal en individuele prestasie aanmoedig.
3. Hersien die implementering van die vergoedingsbeleid ten einde te bepaal of aan die gestelde doelwitte voldoen is.
4. Toesien dat die samestelling van vaste en veranderlike vergoedingskomponente voldoen aan VKB se behoeftes en strategiese doelwitte.
5. Die komitee moet tevrede wees met die akkuraatheid van opgetekende prestasiemeting waarop insentiewe gebaseer word.
6. Oorweeg die uitslag van die uitvoerende direkteure se prestasiemeting, beide as direkteure en uitvoerende beamptes, in die bepaling van vergoeding.
7. Kies 'n toepaslike vergelykende groep by vergelyking van vergoedingsvlakke.
8. Gereelde hersiening van vergoedingskemas ten einde voortgesette bydrae tot waardetoevoeging vir aandeelhouers te verseker en die administrasie hiervan ooreenkomstig die reëls van die skemas.
9. Adviseer oor die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure.

## Vergoedingsfilosofie

VKB se vergoedingsfilosofie is gerig op die werwing, aanstelling en retensie van talentvolle en prestasiegeoriënteerde personeel om die organisasie se strategiese doelwitte te behaal.

Die vergoedingsfilosofie word op 'n jaarlikse basis deur die Menslike Hulpbronne-komitee hersien. Die komitee maak van onafhanklike vergoedingskonsultante gebruik soos en wanneer nodig vir die doeleindes van hersiening van die vergoedingsfilosofie en strukture.

## Vergoedingsbeleid en -struktuur

Die organisasie se vergoedingstruktuur bestaan uit drie sleutelelemente wat ontwerp is om die bereiking van doelwitte te ondersteun, naamlik:

### Gewaarborgde vergoeding

VKB se gewaarborgde vergoeding is op 'n totale-koste-vir-die-organisasie-benadering gebaseer en word op 'n jaarlikse basis hersien. Dit word met relevante arbeidsmarkte op nasionale vlak en in die landbousektor vergelyk. Kollektiewe ooreenkomste in die graanindustrie speel ook 'n rol.

### Veranderlike vergoeding

Dit sluit kommissie en ander insentiewe in, wat op ooreengekome prestasiedoelwitte gebaseer is. Hierdie insentiewe is gewoonlik op 'n maandelikse basis betaalbaar.

### Prestasiegekoppelde vergoeding

Dit is 'n prestasiegebaseerde aansporingskema van toepassing op alle werknemers, met die uitsondering van werknemers waarvan die inkomste 100% op veranderlike vergoeding gebaseer word. Die skema is gekoppel aan die oorskryding van VKB se finansiële prestasiedoelwitte. Individue kwalifiseer hiervoor, inaggenome relevante prestasiedoelwitte gebaseer op elke individuele werknemer se prestasie op die gebalanseerde telkaart. Die prestasiegekoppelde vergoeding vir die oorsigjaar het 16,0% van die totale personeelvergoeding uitgemaak. Dit impliseer dat VKB-personeel wie se prestasie dit geregverdig het, gemiddeld 2,4 keer hulle maandelikse vergoeding in die vorm van 'n prestasiebonus ontvang het.

Personeel se prestasievergoeding gedurende die oorsigjaar het R26,7 miljoen bedra.

Geen ex gratia-betalings is gedurende die tydperk onder oorsig aan enige lid van die Uitvoerende Bestuur gemaak nie. Die besigheid beskik ook nie oor 'n aandeleskema vir personeel of direkteure nie.

## Direkteursvergoeding

Die komitee doen aanbevelings aan die Direksie met betrekking tot die vergoeding van direkteure, waarna dit aan die aandeelhouers vir goedkeuring voorgelê word.

Die vergoedingsvlakke reflekteer die grootte en kompleksiteit van die

VKB Groep sowel as tyd bestee aan die besigheid van die Maatskappy. Markpraktyke en vergoedingsopnames word tydens die bepaling van direkteursvergoeding in ag geneem. Die elemente van nie-uitvoerende direkteursvergoeding is:

1. Basiese fooi;
2. Dagtoelae; en
3. Reiskoste.

Uitvoerende direkteure word volgens hulle dienskontrakte met die Maatskappy vergoed.

Besonderhede van direkteure en voorgeskrewe beamptes se vergoeding verskyn in nota 31 en 32 tot die finansiële jaarstate.

PJF de Villiers
**Voorsitter: Menslike Hulpbronne-komitee**





# Sosiale- en Etiekkomitee-verslag

Verslag voorberei deur die Voorsitter, mnr Dan Kriek

## Samestelling

Die komitee bestaan uit ten minste drie direkteure of voorgeskrewe beamptes waarvan ten minste een direkteur nie-uitvoerend is, welke direkteur nie 'n uitvoerende direkteur van die Maatskappy was gedurende die vorige drie finansiële jare nie. Die Raad van Direkteure kan van tyd tot tyd kundiges tot die komitee koöpteer of as lede van die komitee aanstel. Gedurende die tydperk onder oorsig het die komitee uit vier nie-uitvoerende direkteure bestaan, naamlik DJ Kriek, G Steyn, JH du Preez, PJF de Villiers en MA Letuka (gedurende September vervang deur dr ML Maine – uitvoerend). Die Voorsitter van die Direksie, Besturende Direkteur en ander lede van die Uitvoerende Bestuur woon ook die vergaderings by.

Die Voorsitter woon die Algemene Jaarvergadering by en rapporteer aan die aandeelhouers oor die komitee se bedrywighede.

## Mandaat en verantwoordelikhede

Die komitee is gestig ooreenkomstig die voorskrifte van Regulasie 43 van die Maatskappywet, Wet Nr. 71 van 2008, en voer sy pligte en verantwoordelikhede daarvolgens uit. Daarbenewens het die komitee ook verantwoordelikhede ten opsigte van korporatiewe beheer soos deur die Direksie gedelegeer aan die komitee.

In terme van sy mandaat moet die komitee die Maatskappy se aktiwiteite monitor met inagneming van relevante wetgewing, ander wetlike vereistes en/of toepaslike kodes van beste praktyk, met betrekking tot aangeleenthede wat verband hou met:

◊ Sosiale en ekonomiese ontwikkeling en bemagtiging, insluitende die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging.
◊ Goeie korporatiewe burgerskap, insluitende die Maatskappy se:
  - (a) Bevordering van gelykheid, voorkoming van onbillike diskriminasie en uitskakeling/vermindering van korrupsie.
  - (b) Bydrae tot ontwikkeling van die gemeenskappe waarin die Maatskappy sy bedrywighede beoefen of sy produkte of dienste te bemark.
  - (c) Rekord van borgskappe, donasies en welsynsbydraes.
◊ Die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid, insluitende die impak van die Maatskappy se bedrywighede en die impak van sy produkte of dienste.
◊ Verhoudinge met verbruikers, insluitende die Maatskappy se bemarking, openbare betrekkinge en nakoming van Verbruikerswetgewing.
◊ Arbeid en werksverrigting, insluitende:
  - (a) Die Maatskappy se posisie in terme van die *International Labour Organisation Protocol* oor goeie werk en werksomstandighede.
  - (b) Die Maatskappy se verhoudinge binne die werksplek en sy bydrae tot opvoedkundige ontwikkeling van sy werknemers.

## Verslag

Die komitee, tesame met die Direksie en ander komitees, het alle pligte en verantwoordelikhede, soos hierbo uiteengesit, uitgevoer. Die volgende aspekte is gemonitor:

### Sosiale en ekonomiese ontwikkeling

**Sosio-ekonomiese ontwikkeling**

VKB lewer 'n daadwerklike bydrae tot die verbetering van die lewensgehalte van die gemeenskappe waarin hy sy bedrywighede beoefen, deur vaardigheids-, besigheids- en sportontwikkelingsprogramme. Een aspek hiervan is die bedryf van verskeie suksesvolle projekte ter ondersteuning van opkomende produsente. VKB is ook betrokke by die regering se herkapitaliserings- en ontwikkelingsprojekte. Gedurende die afgelope jaar het VKB talle opkomende produsente ondersteun met die verbouing van onder meer somergewasse. VKB bied aan hierdie produsente deurlopende advies, finansiële ondersteuning en mentorskap, met die doel om van hulle volwaardige kommersiële produsente te maak. Beide die provinsiale en nasionale regering asook verskeie ander ontwikkelingsdeelgenote ondersteun VKB se pogings in hierdie verband.

Voorts is opkomende produsente ook in samewerking met die regering, met groot sukses by die braaikuikenprojek betrek.

**Borgskappe, donasies en welsynsbydraes**

Die besigheid beskik oor 'n Korporatiewe Maatskaplike Investeringsbeleid waarvolgens begroot word vir projekte wat 'n daadwerklike, positiewe impak op die gemeenskappe in sy bedieningsgebied het. Gedurende die oorsigjaar het die besigheid meer as R475 000 aan vaardigheidsontwikkeling, maatskaplike bystandsprogramme en sportontwikkeling spandeer.

VKB het voorts gedurende die oorsigjaar R540 000 in borgskappe vir skole belê. VKB is ook die naamborg van verskeie rugbyweke in die Oos-Vrystaat asook 'n krieketweek en 'n munisipale sokkerliga.

Skoue en feeste, wat deel uitmaak van die karakter en tradisie van verskeie dorpe in ons bedieningsgebied, bied ook vir VKB die geleentheid om deur borgskappe substansie aan hierdie skoue en feeste te gee en te verseker dat dit vir die gemeenskappe behoue bly. Die feeste dien ook as 'n forum om ons gebied vir moontlike toekomstige beleggers te bemark. VKB se betrokkenheid voeg op hierdie wyse

waarde toe vir die mense van die streek. Die Maatskappy het gedurende die oorsigjaar R30 000 in borgskappe van skoue en feeste belê. VKB is ook aktief betrokke by Vrystaat Landbou. Gedurende die oorsigjaar is R140 000 vir hulle Veiligheidsfonds bewillig en is ondersteuning aan Vrystaat Landbou se jaarlikse Kongres en Jongboer van die Jaar-kongres verleen. VKB ondersteun ook 'n verskeidenheid instansies in die landboubedryf deur kongresse te borg (R116 000 vir die oorsigjaar).

Wyksdirekteure van VKB is ook aktief in hul onderskeie streke betrokke om behoeftige en verdienstelike instansies te ondersteun. Dit behels borgskappe van verskeie sportverenigings en -klubs, ouetehuise, skole asook verskeie welsynsorganisasies, soos onder meer Kansa- en OVV- projekte. Die totale investering tydens die oorsigjaar was ongeveer R240 000. Ondersteuning aan boereverenigings het nagenoeg R50 000 beloop.

In die Limpopo-gebied is 'n totale bedrag van R471 000 gedurende die oorsigjaar bewillig vir borgskappe, donasies en welsynsbydraes.

#### Wet op Gelyke Indiensneming

Die besigheid rapporteer jaarliks aan die Departement van Arbeid in hierdie verband. 'n Plan met doelwitte word jaarliks opgestel en deur die Direksie goedgekeur, waarna dit by die Departement van Arbeid ingedien word.

Gedurende die afgelope jaar is die gestelde doelwitte bereik en dienooreenkomstig vordering gemaak. VKB voldoen aan die wetgewing en wend daadwerklike pogings aan om ook in die toekoms vordering in hierdie verband te maak.

#### Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging

VKB is gedurende die oorsigjaar as 'n vlak 8-bydraer geklassifiseer. Voortdurende en volgehoue pogings word aangewend om op hierdie gebied vordering te maak. Vanweë die Maatskappy se investering in vaardigheidsontwikkeling en sosio-ekonomiese ontwikkeling, het die Maatskappy reeds gedurende die oorsigjaar die maksimum punte op hierdie pilare verdien.

Die doelwit vir 2014/2015 is om as 'n vlak 6-bydraer geklassifiseer te word. Die vereiste aksieplanne ten opsigte van die verskillende pilare word hiervoor in plek gestel.

### Goeie korporatiewe burgerskap

#### Etiese Gedragskode

Die Maatskappy beskik oor 'n Etiese Gedragskode wat deurgaans aan personeel gekommunikeer word. Hierdie kode onderskryf die beginsels waarvolgens VKB sy besigheid bedryf. Die Maatskappy streef daarna om gesonde verhoudinge met alle belanghebbendes te handhaaf.

Die Direksie is voorts tevrede dat voldoende en toepaslike oorweging deurgaans binne die besigheid aan die erkenning van menseregte, billike arbeidspraktyke, die omgewing en die bekamping van korrupsie gegee word.

Laasgenoemde word voldoende en op 'n toepaslike wyse binne die besigheid aangespreek deur:

◊ Eksterne kommunikasie (byvoorbeeld die jaarverslag) om deursigtigheid van die besigheid se aktiwiteite te bevorder.
◊ Voldoende interne beheermaatreëls.
◊ Toepaslike rekenkundige praktyke.
◊ Onafhanklike eksterne oudit.
◊ Rapporteringsbeleid (*Whistle Blowing*).

#### Beleide

Die komitee het onder meer die toepassing van die volgende beleide binne die besigheid gemonitor:

◊ Rapporteringsbeleid.
◊ Aankoop- en Tenderbeleid.
◊ Omgewingsbeleid.
◊ Beleid: Beroepsgesondheid en -veiligheid.
◊ Korporatiewe Maatskaplike Investeringsbeleid.

#### Aankope

Die Maatskappy volg 'n Aankoop- en Tenderbeleid wat eerlike, deursigtige en prysmededingende aankoopprosesse voorskryf, met spesifieke maatreëls vir die voorkoming van korrupsie en bedrog.

## Die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid, insluitende die impak van die Maatskappy se bedrywighede en die impak van sy produkte of dienste

Die Maatskappy beskik oor 'n Omgewingsbeleid waarvolgens die VKB Groep tot die beskerming van die omgewing en die vermindering van die impak van die VKB Groep se aktiwiteite op die omgewing verbind is. Dit sluit onder meer energiedoeltreffendheid, afvalbeheer, herwinning en die effektiewe aanwending van hulpbronne in. Voorts voldoen die besigheid aan die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid en word die nodige beleide en kodes in hierdie verband nagekom.

## Arbeid en werksverrigtinge (*labour and employment*)

Die Maatskappy handhaaf die protokol van die *International Labour Organisation* oor goeie werk en werksomstandighede, wat die volgende beginsels voorstaan:

◊ Vryheid van assosiasie en erkenning van die reg tot kollektiewe bedinging.
◊ Vermyding van alle vorme van gedwonge arbeid.
◊ Verbod op kinderarbeid.
◊ Vermyding van alle vorme van diskriminasie.

Voorts streef die besigheid daarna om gesonde verhoudinge binne die werksplek te bevorder. Die VKB Groep investeer in die opvoedkundige ontwikkeling van sy werksmag en het gedurende die oorsigjaar R2,5 miljoen spandeer aan die opleiding van personeel (698 werknemers het formele opleiding ontvang). Die Maatskappy het ook 'n gevestigde projek waar leerlingskappe aangebied word.

Lede van die gemeenskap wat hierdie programme suksesvol voltooi, word daarna permanent in diens geneem.

DJ Kriek
**Voorsitter:**
**Sosiale- en Etiekkomitee**



# VKB Landbou (Edms) Bpk en Filiale

## Finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2014

## Inhoudsopgawe

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die finansiële state wat aan die aandeelhouers voorgelê is:


Oudit- en Risikokomitee-verslag ........ 29

Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring ........ 32

Verklaring van verantwoordelikheid deur die Groepsekretaris ........ 33

Onafhanklike Ouditeursverslag ........ 34

Direkteursverslag ........ 35

Gekonsolideerde staat van finansiële posisie ........ 37

Gekonsolideerde staat van omvattende inkomste ........ 38

Gekonsolideerde staat van verandering in ekwiteit ........ 40

Gekonsolideerde staat van kontantvloei ........ 42

Rekeningkundige beleid ........ 44

Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state ........ 56


**Uitgereik**
26 Junie 2014

Hierdie finansiële state is geouditeer in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, Nr. 71 van 2008.

Hierdie finansiële state is intern voorberei deur:
Morné Julyan
Finansiële Bestuurder
Professionele Rekenmeester (SA)





# Oudit- en Risikokomitee-verslag

## Verslag voorberei deur die Voorsitter, mnr Coenraad Fick

Hierdie verslag inkorporeer die statutêre verantwoordelikhede van ouditkomitees, soos vervat in Artikel 94 van die Maatskappywet, Nr. 71 van 2008. Hierdie komitee het as die Oudit- en Risikokomitee opgetree vir VKB Landbou (Edms) Bpk, NTK Landbou (Edms) Bpk, Nu-Pro Voere (Edms) Bpk, Nu-Pro Commodities (Edms) Bpk en Grain Field Chickens (Edms) Bpk.

### Samestelling

Die komitee bestaan uit ten minste drie direkteure wat tydens die Algemene Jaarvergadering deur die aandeelhouers op aanbeveling van die Raad van Direkteure aangestel word. Die Raad van Direkteure kan ook van tyd tot tyd kundiges tot die komitee koöpteer of as lede van die komitee aanstel.

Gedurende die tydperk onder oorsig het die komitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure (CF Fick – Voorsitter, JCP Bekker, ID Dreyer en JBS du Plessis) sowel as ‘n onafhanklike kundige, prof Ben Marx. Mnr LJ Eksteen, direkteur van die Limpopo-streek, is ook as bykomende lid gekoöpteer. Die Voorsitter van die Direksie, Besturende Direkteur, Finansiële Direkteur, Bestuurder: Interne Oudit, verteenwoordigers van die eksterne ouditeure en Interne Oudit sowel as senior bestuurslede woon die vergaderings by. Die komitee het drie keer gedurende die tydperk onder oorsig vergader, waartydens die begrotings, risikobestuursplan en finansiële jaarstate benewens ander aangeleenthede oorweeg is.

Die interne en eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die Voorsitter van die komitee en lewer deurlopend verslag aan die Bestuur. Die Voorsitter en die eksterne ouditeure woon die Algemene Jaarvergadering by om enige vrae oor die besigheid se finansiële sake en jaarstate te beantwoord.

### Mandaat en verantwoordelikhede

In terme van sy mandaat het die komitee die volgende pligte en verantwoordelikhede:

1. Om te verseker dat die onderneming se finansiële beplanning, bestuur en rapportering korrek en effektief is en in ooreenstemming is met toepaslike rekeningkundige beleide en internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde.
2. Die finansiële state, die rekenkundige praktyke, beleide en prosedures asook die effektiwiteit van interne finansiële kontroles te oorweeg en te hersien.
3. Aanbevelings oor die aanstelling van eksterne ouditeure te maak en hulle fooie te bepaal.
4. Die onafhanklikheid en effektiwiteit van die eksterne ouditeure te oorweeg, enige nie-oudit werk deur sodanige ouditeure te oorweeg en te bepaal of die lewering van sodanige dienste hul onafhanklikheid wesenlik sal beïnvloed.
5. Die jaarlikse ouditplan en ouditbegroting te aanvaar.
6. Die effektiwiteit van bestuursinligting, die jaarlikse oudit, die interne ouditprogram en interne kontrolestelsel te beoordeel.
7. Te verseker dat die rolle van interne en eksterne oudit op gepaste wyse gedefinieer en geskei is.
8. Nakoming van toepaslike wetgewing en regulatoriese aspekte te monitor.
9. Evaluering van die geïntegreerde verslae en IT-beheerraamwerk.
10. Behoorlike openbaarmaking, kommunikasie met belanghebbendes en rapportering te verseker.
11. Die Direksie behulpsaam te wees om te verseker dat die onderneming ‘n effektiewe beleid en plan vir risikobestuur implementeer ten einde te help om sy strategiese doelstellings te bereik en ook te verseker dat die openbaarmaking rondom risiko’s volledig, tydig en relevant is.
12. Om deurgaans die solvabiliteit en likiditeit van die Maatskappy en die Groep, met inagneming van alle redelik voorsienbare finansiële omstandighede, te oorweeg.



# Oudit- en Risikokomitee-verslag (vervolg)

## Verslag

Die komitee het alle pligte, soos hierbo uiteengesit, uitgevoer. Die komitee is verder tevrede dat die 2014-oudit wat deur die eksterne ouditeure uitgevoer is, onafhanklik was en stem saam met die ouditverslag wat uitgereik is.

Voorts het die komitee die geïntegreerde verslag oorweeg en is tevrede dat:

1. Al die faktore en risiko's, wat moontlik 'n impak kan hê op die integriteit van die jaarverslag, in ag geneem is.
2. Die finansiële state die posisie van die besigheid en die Groep korrek weergee.
3. Die finansiële funksie sowel as die interne finansiële en ander kontroles voldoende is en effektief funksioneer.
4. Die volhoubaarheidsaangeleenthede wat in hierdie verslag geopenbaar is, betroubaar is en nie in konflik met finansiële inligting is nie.
5. Die rapportering van risikobestuur, soos ingesluit in hierdie verslag, tydig, volledig en relevant is.



CF Fick
**Voorsitter: Oudit- en Risikokomitee**








# Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring

Die Maatskappywet van Suid-Afrika, Nr. 71 van 2008 bepaal dat die Direksie omvattende rekeningkundige rekords moet handhaaf en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit word. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële state ter voldoening aan *International Financial Reporting Standards* 'n redelike weergawe is van die Groep se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het. Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële state uit te spreek.

Die finansiële state is ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* opgestel en is gegrond op die toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is.

Die Direksie erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat die Groep ingestel het en plaas aansienlike klem op die belang van handhawing van streng beheer. Om hulle verantwoordelikhede hierin te kan nakom, stel die Direksie standaarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verklein. Dié standaarde sluit in die behoorlike delegering van verantwoordelikhede binne 'n duidelik omskrewe raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Die beheermaatreëls word deur die hele Groep gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standaarde handhaaf om te verseker dat die Groep se besigheid gedoen word op 'n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die Groep se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die Groep. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, probeer die Groep dit tot 'n minimum beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur-, beheer- en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

Die Direksie is op grond van inligting en verduidelikings wat Bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute versekering, teen enige beduidende wanverklaring of verlies bied nie.

Die Direksie het die Groep se kontantvloeivoorspelling vir die jaar tot 31 Maart 2015 nagesien en is in die lig van die nasiening en die huidige finansiële posisie oortuig dat die Groep toereikende middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede in die voorsienbare toekoms voort te sit.

Hoewel die Direksie primêr verantwoordelik is vir die finansiële sake van die Groep, word hulle deur die Groep se onafhanklike ouditeure ondersteun.

Die onafhanklike ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike oudit van die Groep se finansiële state en om daaroor verslag te doen. 'n Onafhanklike oudit is op hierdie finansiële state deur die Groep se onafhanklike ouditeure uitgevoer en hul verslag word op bladsy 34 aangebied.

Die finansiële state wat op bladsye 35 tot 87 uiteengesit word en op die lopendesaakgrondslag opgestel is, is op 26 Junie 2014 deur die Direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

PG Carshagen
**Voorsitter**

CF Fick
**Ondervoorsitter**

# *Verklaring van verantwoordelikheid deur die Groepsekretaris*

In terme van Artikel 88(2)(e) van die Maatskappywet, Nr. 71 van 2008, word gesertifiseer dat die Maatskappy die voorgeskrewe opgawes en kennisgewings in terme van die wet ingedien het, en dat sodanige opgawes en kennisgewings blyk juis, korrek en op datum te wees.

Adv. SC Erasmus (mev)
**Groepsekretaris**





# Onafhanklike Ouditeursverslag

## Aan die aandeelhouers van VKB Landbou (Edms) Bpk en Filiale

Ons het die finansiële state van VKB Landbou (Edms) Bpk en Filiale, soos uiteengesit op bladsye 35 tot 87, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die gekonsolideerde staat van finansiële posisie, soos op 31 Maart 2014, die gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

## Direkteure se verantwoordelikheid vir die finansiële state

Die Maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, Nr. 71 van 2008, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

## Ouditeure se verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het die oudit ooreenkomstig *International Standards on Auditing* uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons aan etiese vereistes voldoen en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat gekies word hang af van die ouditeure se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering in van die toepaslikheid van die rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van die rekeningkundige ramings wat deur die Bestuur gemaak is asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

## Mening

Na ons mening is die finansiële state in alle wesenlike opsigte 'n redelike voorstelling van die finansiële stand van VKB Landbou (Edms) Bpk en Filiale, soos op 31 Maart 2014, en van die Maatskappy se finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, Nr. 71 van 2008.

## Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word

As deel van ons oudit van die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2014 het ons die verslae van die Sosiale- en Etiekkomitee, Vergoedingsverslag, asook die Direkteursverslag deurgelees om te bepaal of daar wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde finansiële state is. Hierdie verslae is die verantwoordelikheid van die verskeie opstellers daarvan. Gebaseer op die deurlees van hierdie verslae het ons nie wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde finansiële state geïdentifiseer nie. Ons het hierdie verslae egter nie geoudit nie en spreek dienooreenkomstig nie 'n mening oor hierdie verslae uit nie.

Enslins Bethlehem Ingelyf
Geregistreerde Ouditeure

**Direkteur: EE Bakker GR (SA)**
**Geregistreerde Ouditeur**

President Boshoffstraat 3
Bethlehem, 9700

**26 Junie 2014**

# Direkteursverslag

Die direkteure lê hul verslag vir die jaar geëindig 31 Maart 2014 voor.

## Oorsig van aktiwiteite

**Hoofbesigheid en -bedrywighede**

Die Groep is betrokke by landbouverwante aktiwiteite en is hoofsaaklik in Suid-Afrika bedrywig. Die hoofdoelstellings van die Maatskappy is die volgende:

- Hantering, opberging, bemarking, vervaardiging en verwerking van landbouprodukte.
- Verskaffing van benodighede en dienste.
- Finansieringsaktiwiteite.

Die Maatskappy se bedryfsresultate en stand van sake word ten volle in die aangehegde finansiële state uiteengesit en vereis na ons mening geen bykomende kommentaar nie.

## Lopende saak

Die finansiële state is opgestel op grond van die rekeningkundige beleid wat op 'n lopendesaakgrondslag gebaseer was. Dié grondslag veronderstel dat daar fondse sal wees om toekomstige bedrywighede te befonds en dat die realisering van bates en die vereffening van laste, voorwaardelike aanspreeklikhede en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

## Gebeure na die verslagdoeningsdatum

VKB Landbou (Edms) Bpk het op 31 Mei 2014 die oorblywende 60% aandele in Free State Oil (Edms) Bpk bekom. VKB Landbou (Edms) Bpk hou na die kooptransaksie 100% belang in Free State Oil (Edms) Bpk.

## Gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal

Daar was geen veranderinge in die gemagtigde aandelekaptaal vir die jaar onder oorsig nie.

Klas 1 gewone aandele, klas 2 en 3 voorkeuraandele asook klas 4 skuldbriewe uitgereik en afgelos gedurende die jaar, is soos uiteengesit in die staat van verandering in ekwiteit.

## Dividende

'n Voorkeurdividend van R10 miljoen (2013: NUL) is verklaar en betaal uit opgehoopte reserwes gedurende die finansiële jaar onder oorsig.





# Direkteursverslag (vervolg)

## Direkteure
Die Maatskappy se Direksie gedurende die jaar en tot op die datum van dié verslag, is soos volg:

| Naam | Wyk | Veranderinge |
|---|---|---|
| **Nie-uitvoerend:** | | |
| PG Carshagen (Voorsitter) | Wyk 1 – Reitz | |
| CF Fick (Ondervoorsitter) | Wyk 1 – Reitz | |
| PJF de Villiers | Wyk 2 – Bethlehem, Daniëlsrus, Kestell en Phuthaditjhaba/ QwaQwa | |
| ID Dreyer | Wyk 3 – Vrede, Memel, Ascent, Woudzicht en Morgenzon | |
| GJ Claasen | Wyk 4 – Petrus Steyn, Heilbron, Senekal, Hennenman en Lindley | Bedank 27 Maart 2014 |
| G Steyn | Wyk 5 – Warden, Harrismith en Verkykerskop | |
| DJ Kriek | Wyk 6 – Frankfort en Tweeling | |
| MC de Klerk | Wyk 7 – Jim Fouché, Oranjeville en Windfield | |
| JBS du Plessis | Wyk 8 – Cornelia en Villiers | |
| M Letuka (Onafhanklik) | | Bedank 21 Augustus 2013 |
| PJ Jacobs | Wyk 15 – Limpopo | Aangestel 1 Julie 2013 |
| JH du Preez | Wyk 15 – Limpopo | Aangestel 1 Julie 2013 |
| LJ Eksteen | Wyk 15 – Limpopo | Aangestel 1 Julie 2013 |
| LW van Aswegen | Wyk 15 – Limpopo | Aangestel 1 Julie 2013, bedank 29 Augustus 2013 |
| JCP Bekker (Onafhanklik) | | |
| **Uitvoerend:** | | |
| JF Janse van Rensburg | | |
| MJ Mittermaier | | |
| ML Maine | | Aangestel 21 Augustus 2013 |

## Sekretaris
Die Maatskappy se sekretaris is advokaat SC Erasmus, wat by die volgende adres werksaam is:

**Besigheidsadres:** President CR Swartstraat 31
Reitz
9810

**Posadres:** Posbus 100
Reitz
9810

## Belang in filiale
Besonderhede van die Maatskappy se beleggings in filiale word in aantekening 6 uiteengesit.

## Ouditeure
Enslins Bethlehem Ingelyf sal kragtens Artikel 90 van die Maatskappywet van Suid-Afrika, Nr. 71 van 2008 hul amp voortsit.

Die aanstellingsvennoot vir die volgende termyn is Eben Bakker GR (SA).

## Likiditeit en solvensie
Die direkteure het die nodige likiditeit- en solvensietoetse gedoen wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika, Nr. 71 van 2008 vereis word.

# Gekonsolideerde staat van finansiële posisie

soos op 31 Maart 2014

| | | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **2014** | 2013 | **2014** | 2013 |
| | AANTEKENING(E) | **R'000** | R'000 | **R'000** | R'000 |
| **Bates** | | | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | **892 218** | 676 369 | **846 564** | 663 878 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 3 | **589 030** | 403 390 | **197 277** | 165 269 |
| Klandisiewaarde | 4 | **24 724** | - | **-** | - |
| Ontasbare bates | 5 | **1 726** | 1 200 | **1 726** | 1 200 |
| Beleggings in filiale | 6 | **-** | - | **84 018** | 1 |
| Belegging in gesamentlik beheerde ondernemings | 7 | **17 934** | 101 081 | **17 934** | 101 081 |
| Belegging in geassosieerdes | 8 | **8 372** | 6 000 | **8 372** | 6 000 |
| Ander finansiële bates | 9 | **29 145** | 54 787 | **441 618** | 316 146 |
| Uitgestelde belasting | 10 | **147 378** | 56 634 | **21 710** | 20 904 |
| Handels- en ander debiteure | 11 | **73 909** | 49 144 | **73 909** | 49 144 |
| Aftreefondssurplus | 12 | **-** | 4 133 | **-** | 4 133 |
| **Bedryfsbates** | | **2 552 969** | 1 778 412 | **2 081 219** | 1 678 203 |
| Voorraad | 13 | **609 936** | 328 876 | **364 200** | 300 578 |
| Ander finansiële bates | 9 | **12 759** | 98 694 | **125 785** | 98 694 |
| Inkomstebelasting | | **2 292** | 1 709 | **1 475** | 1 709 |
| Aftreefondssurplus | 12 | **4 265** | 3 600 | **4 265** | 3 600 |
| Handels- en ander debiteure | 11 | **1 835 475** | 1 321 530 | **1 549 272** | 1 255 526 |
| Kontant en kontantekwivalente | 14 | **88 242** | 24 003 | **36 222** | 18 096 |
| **Totale bates** | | **3 445 187** | 2 454 781 | **2 927 783** | 2 342 081 |
| **Ekwiteit en aanspreeklikhede** | | | | | |
| **Ekwiteit** | | **1 381 751** | 997 428 | **1 316 947** | 1 037 805 |
| Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van houermaatskappy | | **1 395 374** | 1 006 573 | **1 316 947** | 1 037 805 |
| Aandelekapitaal | 15 | **1 213 491** | 954 199 | **1 213 491** | 954 199 |
| Nie-verdeelbare reserwes | | **23** | - | **23** | - |
| Opgelope inkomste | | **181 860** | 52 374 | **103 433** | 83 606 |
| Nie-beherende belang | | **(13 623)** | (9 145) | **-** | - |
| **Laste** | | | | | |
| **Nie-bedryfslaste** | | **312 575** | 230 220 | **131 577** | 132 135 |
| Lenings vanaf buite-aandeelhouers | 16 | **33 480** | 15 000 | **-** | - |
| Ander finansiële aanspreeklikhede | 17 | **126 628** | 119 877 | **55 455** | 56 796 |
| Bruikhuurverpligtinge | 18 | **7 990** | - | **-** | - |
| Na-aftrede verpligtinge | 19 | **78 416** | 63 693 | **62 423** | 63 693 |
| Uitgestelde belasting | 10 | **66 061** | 31 650 | **13 699** | 11 646 |
| **Bedryfslaste** | | **1 750 861** | 1 227 133 | **1 479 259** | 1 172 141 |
| Ander finansiële aanspreeklikhede | 17 | **354 527** | 335 454 | **329 353** | 328 954 |
| Inkomstebelasting betaalbaar | | **2 066** | - | **-** | - |
| Bruikhuurverpligtinge | 18 | **4 402** | - | **-** | - |
| Handels- en ander krediteure | 20 | **394 752** | 240 310 | **183 478** | 191 818 |
| Kontant en kontantekwivalente | 14 | **995 114** | 651 369 | **966 428** | 651 369 |
| **Totale laste** | | **2 063 436** | 1 457 353 | **1 610 836** | 1 304 276 |
| **Totale ekwiteit en aanspreeklikhede** | | **3 445 187** | 2 454 781 | **2 927 783** | 2 342 081 |



# Gekonsolideerde staat van omvattende inkomste

vir die jaar geëindig 31 Maart 2014

| | AANTEKENING(E) | GROEP 2014 R'000 | GROEP 2013 R'000 | MAATSKAPPY 2014 R'000 | MAATSKAPPY 2013 R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| Verkope | 21 | **8 794 611** | 4 310 564 | **5 561 765** | 4 143 654 |
| Koste van verkope | 22 | **(8 175 405)** | (4 024 311) | **(5 226 017)** | (3 845 897) |
| **Bruto wins** | | **619 206** | 286 253 | **335 748** | 297 757 |
| Aansporingskorting | | **210 000** | 150 000 | **185 000** | 150 000 |
| **Bruto wins voor aansporingskorting** | | **829 206** | 436 253 | **520 748** | 447 757 |
| Ander inkomste | | **137 682** | 61 933 | **58 878** | 61 011 |
| Bedryfskoste | | **(641 214)** | (318 193) | **(329 598)** | (290 991) |
| **Bedryfswins** | 23 | **325 674** | 179 993 | **250 028** | 217 777 |
| Beleggingsinkomste | 24 | **10 009** | 29 018 | **21 754** | 38 560 |
| Inkomste uit ekwiteitsverantwoorde beleggings | | **4 766** | (1 353) | **4 766** | (1 353) |
| Finansieringskoste | 25 | **(61 119)** | (39 707) | **(52 790)** | (39 481) |
| **Wins voor aansporingskorting** | | **279 330** | 167 951 | **223 758** | 215 503 |
| Aansporingskorting | | **(210 000)** | (150 000) | **(185 000)** | (150 000) |
| **Wins voor belasting** | | **69 330** | 17 951 | **38 758** | 65 503 |
| Belasting | 26 | **61 775** | 5 100 | **(8 931)** | (8 615) |
| **Wins vir die jaar** | | **131 105** | 23 051 | **29 827** | 56 888 |
| **Ander omvattende inkomste:** | | | | | |
| Billikewaarde-aanpassing van finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop | | **27** | (25 050) | **27** | (25 050) |
| Inkomstebelasting effek op billikewaarde-aanpassings | | **(4)** | 4 677 | **(4)** | 4 677 |
| **Ander omvattende wins (verlies) vir die jaar na belasting** | | **23** | (20 373) | **23** | (20 373) |
| **Totale omvattende inkomste** | | **131 128** | 2 678 | **29 850** | 36 515 |
| **Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:** | | | | | |
| Eienaars van die houermaatskappy | | **138 756** | 10 603 | **29 850** | 36 515 |
| Nie-beherende belang | | **(7 628)** | (7 925) | **-** | - |
| | | **131 128** | 2 678 | **29 850** | 36 515 |
| **Wins toeskryfbaar aan** | | | | | |
| Eienaars van die houermaatskappy | | **138 733** | 30 976 | **29 827** | 56 888 |
| Nie-beherende belang | | **(7 628)** | (7 925) | **-** | - |
| | | **131 105** | 23 051 | **29 827** | 56 888 |



# Gekonsolideerde staat van verandering in ekwiteit

vir die jaar geëindig 31 Maart 2014

| | GROEP | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aandele-kapitaal R'000 | Reserwe vir billikewaarde-aanpassing van bates beskikbaar-vir-verkoop R'000 | Opgelope inkomste R'000 | Totaal toe-skryfbaar aan ekwiteits-houers van die Groep/ Maatskappy R'000 | Nie-be-herende belang R'000 | Totale ekwiteit R'000 |
| **Saldo op 1 April 2012** | 836 813 | - | 41 771 | 878 584 | (1 220) | 877 364 |
| Wins vir die jaar | - | - | 30 976 | 30 976 | (7 925) | 23 051 |
| Ander omvattende inkomste | - | - | (20 373) | (20 373) | - | (20 373) |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | - | - | 10 603 | 10 603 | (7 925) | 2 678 |
| Gewone aandele uitgereik | 670 | - | - | 670 | - | 670 |
| Gewone aandele afgelos | (295) | - | - | (295) | - | (295) |
| Voorkeuraandele uitgereik | 133 565 | - | - | 133 565 | - | 133 565 |
| Voorkeuraandele afgelos | (18 204) | - | - | (18 204) | - | (18 204) |
| Klas 4 skuldbriewe uitgereik | 1 650 | - | - | 1 650 | - | 1 650 |
| **Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die Maatskappy direk in ekwiteit erken** | 117 386 | - | - | 117 386 | - | 117 386 |
| **Saldo op 1 April 2013** | 954 199 | - | 52 374 | 1 006 573 | (9 145) | 997 428 |
| Wins vir die jaar | - | - | 138 733 | 138 733 | (7 628) | 131 105 |
| Ander omvattende inkomste | - | 23 | - | 23 | - | 23 |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | - | 23 | 138 733 | 138 756 | (7 628) | 131 128 |
| Besigheidsamevoegings | - | - | 753 | 753 | 3 150 | 3 903 |
| Gewone aandele uitgereik | 6 125 | - | - | 6 125 | - | 6 125 |
| Gewone aandele afgelos | (315) | - | - | (315) | - | (315) |
| Voorkeuraandele uitgereik | 281 334 | - | - | 281 334 | - | 281 334 |
| Voorkeuraandele afgelos | (28 265) | - | - | (28 265) | - | (28 265) |
| Dividende | - | - | (10 000) | (10 000) | - | (10 000) |
| Klas 4 skuldbriewe uitgereik | 668 | - | - | 668 | - | 668 |
| Klas 4 skuldbriewe afgelos | (255) | - | - | (255) | - | (255) |
| **Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die Maatskappy direk in ekwiteit erken** | 259 292 | - | (9 247) | 250 045 | 3 150 | 253 195 |
| **Saldo op 31 Maart 2014** | 1 213 491 | 23 | 181 860 | 1 395 374 | (13 623) | 1 381 751 |
| AANTEKENING(E) | 15 | | | | | |

| | MAATSKAPPY | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aandele-kapitaal R'000 | Reserwe vir billikewaarde-aanpassing van bates beskikbaar-vir-verkoop R'000 | Opgelope inkomste R'000 | Totaal toe-skryfbaar aan ekwiteits-houers van die Groep/ Maatskappy R'000 | Nie-be-herende belang R'000 | Totale ekwiteit R'000 |
| **Saldo op 1 April 2012** | 836 813 | - | 47 091 | 883 904 | - | 883 904 |
| Wins vir die jaar | - | - | 56 888 | 56 888 | - | 56 888 |
| Billikewaarde aanpassing | - | - | (20 373) | (20 373) | - | (20 373) |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | - | - | 36 515 | 36 515 | - | 36 515 |
| Gewone aandele uitgereik | 670 | - | - | 670 | - | 670 |
| Gewone aandele afgelos | (295) | - | - | (295) | - | (295) |
| Voorkeuraandele uitgereik | 133 565 | - | - | 133 565 | - | 133 565 |
| Voorkeuraandele afgelos | (18 204) | - | - | (18 204) | - | (18 204) |
| Klas 4 skuldbriewe uitgereik | 1 650 | - | - | 1 650 | - | 1 650 |
| **Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die Maatskappy direk in ekwiteit erken** | 117 386 | - | - | 117 386 | - | 117 386 |
| **Saldo op 1 April 2013** | 954 199 | - | 83 606 | 1 037 805 | - | 1 037 805 |
| Wins vir die jaar | - | - | 29 827 | 29 827 | - | 29 827 |
| Ander omvattende inkomste | - | 23 | - | 23 | - | 23 |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | - | 23 | 29 827 | 29 850 | - | 29 850 |
| Gewone aandele uitgereik | 6 125 | - | - | 6 125 | - | 6 125 |
| Gewone aandele afgelos | (315) | - | - | (315) | - | (315) |
| Voorkeuraandele uitgereik | 281 334 | - | - | 281 334 | - | 281 334 |
| Voorkeuraandele afgelos | (28 265) | - | - | (28 265) | - | (28 265) |
| Dividende | - | - | (10 000) | (10 000) | - | (10 000) |
| Klas 4 skuldbriewe uitgereik | 668 | - | - | 668 | - | 668 |
| Klas 4 skuldbriewe afgelos | (255) | - | - | (255) | - | (255) |
| **Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die Maatskappy direk in ekwiteit erken** | 259 292 | - | (10 000) | 249 292 | - | 249 292 |
| **Saldo op 31 Maart 2014** | 1 213 491 | 23 | 103 433 | 1 316 947 | - | 1 316 947 |
| AANTEKENING(E) | 15 | | | | | |



# Gekonsolideerde staat van kontantvloei

vir die jaar geëindig 31 Maart 2014

| | Aantekening(e) | GROEP 2014 R'000 | GROEP 2013 R'000 | MAATSKAPPY 2014 R'000 | MAATSKAPPY 2013 R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | | | |
| Kontant aangewend in bedrywighede | 28 | **(465 427)** | (266 608) | **(277 015)** | (232 559) |
| Rente inkomste | | **8 444** | 8 835 | **20 189** | 18 377 |
| Dividende ontvang | | **1 565** | 20 183 | **1 565** | 20 183 |
| Finansieringskoste | | **(61 119)** | (39 708) | **(52 790)** | (39 481) |
| Belasting betaal | 29 | **(6 114)** | (10 455) | **(7 454)** | (10 455) |
| **Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite** | | **(522 651)** | (287 753) | **(315 505)** | (243 935) |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | | | | |
| Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting | 3 | **(237 794)** | (161 172) | **(55 996)** | (31 319) |
| Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | 3 | **7 737** | 32 924 | **4 045** | 32 924 |
| Verkoop van beleggingseiendom | | **126** | - | **-** | - |
| Verkryging van ontasbare bates | 5 | **(526)** | - | **(526)** | - |
| Beweging in beleggings (insluitende filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes) | | **80 775** | - | **-** | - |
| Verkoop/(verkryging) van finansiële bates | | **111 604** | (59 007) | **(152 536)** | (224 299) |
| **Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite** | | **(38 078)** | (187 255) | **(205 013)** | (222 694) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | | | | |
| Opbrengs op aandele uitgifte | 15 | **5 810** | 375 | **5 810** | 375 |
| Opbrengs op skuldbriewe/uitgifte van aflosbare voorkeuraandele | 15 | **253 606** | 131 796 | **253 606** | 131 796 |
| Aflossing van skuldbriewe/aflosbare voorkeur-aandele | 15 | **(124)** | - | **(124)** | - |
| Beweging in ander finansiële aanspreeklikhede | | **25 824** | 461 541 | **(942)** | 376 961 |
| Opbrengs op aandeelhouerslening | | **18 480** | - | **-** | - |
| Bruikhuurbetaling | | **12 392** | - | **-** | - |
| Verhoging in langtermyngedeelte van handelsdebiteure | | **(24 765)** | - | **(24 765)** | - |
| Dividende betaal | | **(10 000)** | - | **(10 000)** | - |
| **Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite** | | **281 223** | 593 712 | **223 585** | 509 132 |
| **Totale kontantbeweging vir die jaar** | | **(279 506)** | 118 704 | **(296 933)** | 42 503 |
| Saldo aan die begin van die jaar | | **(627 366)** | (746 070) | **(633 273)** | (675 776) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | 14 | **(906 872)** | (627 366) | **(930 206)** | (633 273) |





# Rekeningkundige beleid

## 1. Aanbieding van finansiële state

Die finansiële state is ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* en die Maatskappywet van Suid-Afrika, Nr. 71 van 2008 opgestel. Die finansiële state is op die historiese koste grondslag opgestel. Dit word in Suid-Afrikaanse rand aangebied.

Die rekeningkundige beleid stem ooreen met dié van die vorige tydperk.

### 1.1 Konsolidasie

***KONSOLIDASIEGRONDSLAG***

Die gekonsolideerde finansiële state sluit die finansiële state van die Maatskappy en alle entiteite in, insluitend spesiale doelentiteite wat deur die Maatskappy beheer word.

Daar is beheer wanneer die Maatskappy die mag het om die finansiële en bedryfsbeleid van 'n entiteit te reguleer ten einde voordeel uit sy aktiwiteite te put.

Die resultate van filiale word vanaf die effektiewe datum van verkryging tot die effektiewe datum waarop beheer verloor word by die gekonsolideerde finansiële state ingesluit.

Aanpassings is waar nodig aan die finansiële state van filiale gedoen ten einde hul rekeningkundige beleid in pas met dié van die Groep te bring.

Alle intermaatskappytransaksies, -saldo's, -inkomste en -uitgawes word met konsolidasie ten volle uitgeskakel.

Nie-beherende belange in die netto bates van gekonsolideerde filiale word afsonderlik van die Groep se belang daarin geïdentifiseer en word in ekwiteit erken. Verliese van filiale toeskryfbaar aan nie-beherende belange word aan die nie-beherende belang toegeken selfs al het dit tot gevolg dat 'n debietsaldo vir nie-beherende belang erken word.

Transaksies wat veranderings in eienaarskap tot gevolg het waar die Groep beheer van die filiaal het, voor en na die transaksie, word as 'n ekwiteittransaksie beskou en word regstreeks in die staat van veranderings in ekwiteit erken.

Die verskil tussen die billike waarde van teenprestasie betaal of ontvang en die beweging in nie-beherende belang vir sodanige transaksie, word in ekwiteit toeskryfbaar aan die eienaars van die houermaatskappy erken.

Waar 'n filiaal verkoop word en 'n nie-beherende aandeelhouding behou word, word die oorblywende belegging van die beherende belang teen billike waarde erken en die aanpassing van billike waarde word met die verkoop as deel van die wins of verlies met die verkoop van 'n belegging in wins of verlies erken.

***BESIGHEIDSAMEVOEGINGS***

Die Groep stel besigheidsamevoegings teboek deur die verkrygingsmetode te gebruik. Die koste van besigheidsamevoegings word bereken as die totaal van die billike waarde van die gegewe bates, laste aangegaan of veronderstel en ekwiteitsinstrumente uitgereik. Koste direk toeskryfbaar aan besigheidsamevoegings word as 'n uitgawe erken, soos aangegaan, buiten die koste om skuld uit te reik wat as deel van die finansieringstransaksie en koste om ekwiteit uit te reik, wat by ekwiteit ingesluit word, geamortiseer word.

Voorwaardelike teenprestasie word by die koste van die samevoeging teen billike waarde op die verkrygingsdatum ingesluit. Daaropvolgende veranderings van die bate, las of ekwiteit wat ontstaan as gevolg van die

voorwaardelike teenprestasie word nie teen klandisiewaarde verantwoord nie mits daar geldige berekenings-tydperkaanpassings is.

Die verkryger se identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike aanspreeklikhede wat aan die erkenningsvoorwaardes van *IFRS 3 – Business Combinations* voldoen, word teen hul billike waardes op die verkrygingsdatum erken, buiten vir nie-bedryfsbates (of verkoopsgroep) geklassifiseer as gehou-vir-verkoop ooreenkomstig *IFRS 5 – Non-current Assets Held-For-Sale* en beëindigde bedrywighede, wat teen billike waarde minus koste om te verkoop erken word.

Voorwaardelike aanspreeklikhede word by die identifiseerbare bates en laste van die verkrygde ingesluit, indien daar op die verkrygingsdatum 'n huidige verpligting is.

Met verkryging evalueer die Groep die klassifikasie van die verkrygde se bates en laste en herklassifiseer dit wanneer die klassifikasie vir die Groep se doeleindes ontoepaslik is. Dit sluit huurooreenkomste en versekeringskontrakte wat se klassifikasie dieselfde bly as op die aanvangsdatum daarvan, uit.

Nie-beherende belange voortspruitend uit 'n besigheidsamevoeging, wat huidige eienaarsbelange is en die houers daarvan geregtig is op 'n proporsionele aandeel van die entiteit se netto bates in die geval van likwidasie, word gemeet teen die huidige eienaarsbelang se proporsionele aandeel in die erkende bedrae van die verkryger se identifiseerbare netto bates, of teen billike waarde. Die hantering is nie 'n rekeningkundige beleidskeuse nie, maar word gekies vir elke individuele besigheidsamevoeging en word geopenbaar in die aantekening vir besigheidsamevoegings. Alle ander komponente van nie-beherende belange word gemeet teen billike waarde op die verkrygingsdatum, tensy 'n ander metingsbasis deur IFRS vereis word.

In gevalle waar die Groep 'n nie-beherende aandeelhouding gehad het in die verkrygde voordat beheer verkry is, word daardie belang teen billike waarde op die verkrygingsdatum hermeet. Die hermeting teen billike waarde word by wins of verlies vir die jaar ingesluit. Waar die bestaande aandeelhouding as 'n beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate geklassifiseer is, word die kumulatiewe billikewaarde-aanpassing wat voorheen erken en in ekwiteit opgehoop is, as 'n herklassifikasie-aanpassing na wins of verlies gemaak.

Klandisiewaarde word bereken as die billike waarde van die teenprestasie betaal, plus die billike waarde van enige aandeelhouding gehou voor die verkryging van beheer, plus nie-beherende belang en minus die billike waarde van die identifiseerbare bates en laste van die verkrygde.

Klandisiewaarde word nie geamortiseer nie, maar word op 'n jaarlikse basis vir waardedaling getoets. Indien daar vasgestel word dat klandisiewaarde se waarde gedaal het, word sodanige waardedaling nie daarna omgeswaai nie.

Klandisiewaarde voortspruitend uit die verkryging van buitelandse entiteite word as 'n bate van die buitelandse entiteit beskou. In sodanige geval word die klandisiewaarde aan die einde van elke verslagdoeningstydperk in die Groep se funksionele geldeenheid omskep en die aanpassing in ekwiteit erken.

***BELEGGING IN GEASSOSIEERDES***

'n Geassosieerde is 'n entiteit waaroor die Groep beduidende invloed het en wat nie 'n filiaal of 'n gesamentlik beheerde onderneming is nie. Beduidende invloed is die mag om deel te neem aan die finansiële en bedryfsbeleidbesluite van die beleggingnemer, maar is nie beheer of gesamentlike beheer oor die beleid nie.

'n Belegging in 'n geassosieerde word verantwoord deur die ekwiteitsmetode te gebruik, buiten wanneer die belegging as gehou-vir-verkoop geklassifiseer word, ooreenkomstig *IFRS 5 – Non-current Assets Held-For-Sale* en beëindigde bedrywighede. Ingevolge die ekwiteitsmetode word beleggings in geassosieerdes in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie gedra teen kosprys aangepas vir naverkrygingskoste in die Groep se deel van netto bates van die geassosieerde, minus enige waardedalingsverliese.

Wins of verliese op transaksies tussen die Groep en 'n geassosieerde word uitgeskakel in soverre mate die Groep 'n belang daarin het.

***GESAMENTLIK BEHEERDE ENTITEITE***

Beleggings in gesamentlik beheerde entiteite word eweredig gekonsolideer vanaf die datum waarop die Groep die mag het om gesamentlike beheer uit te oefen, tot die datum waarop daar nie meer gesamentlike beheer is nie. Dit sluit gevalle uit waar die belegging ooreenkomstig *IFRS 5 – Non-current Assets Held-For-Sale* en beëindigde bedrywighede as gehou-vir-verkoop geklassifiseer is.



# Rekeningkundige beleid (vervolg)

Die Groep se deel van bates, laste, inkomste, uitgawes en kontantvloei van gesamentlik beheerde entiteite word op 'n reël-vir-reël grondslag met soortgelyke items in die gekonsolideerde finansiële state gekombineer.

Die Groep se proporsionele deel van intermaatskappysaldo's en -transaksies en gevolglike wins of verliese tussen die Groep en gesamentlik beheerde entiteite word met konsolidasie uitgeskakel.

'n Belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit word verantwoord deur die ekwiteitsmetode te gebruik, buiten wanneer die belegging ooreenkomstig *IFRS 5 – Non-current Assets Held-For-Sale* en beëindigde bedrywighede as gehou-vir-verkoop geklassifiseer is. Ingevolge die ekwiteitsmetode word belange in gesamentlik beheerde entiteite in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie teen kosprys gedra, aangepas vir naverkrygingsveranderings in die Groep se deel van netto bates van die gesamentlik beheerde entiteit, minus enige waardedalingsverliese. Wins of verliese op transaksies tussen die Groep en 'n gesamentlik beheerde entiteit word tot die omvang van die Groep se belang daarin uitgeskakel.

**1.2 Beduidende ramings**

Met die opstel van die finansiële state moet die Bestuur sekere ramings en veronderstellings maak wat die bedrae kan beïnvloed wat in die finansiële state weerspieël word sowel as verwante openbaarmakings. Die gebruik van beskikbare inligting en die toepassing van oordeel is eie aan ramings. Die werklike toekomstige resultate kan van dié ramings verskil, wat van beduidende belang vir die finansiële state kan wees. Belangrike ramings sluit in:

**HANDELSDEBITEURE/BELEGGINGS GEHOU TOT VERVALDATUM EN/OF LENINGS EN DEBITEURE**

Die Groep evalueer sy handelsdebiteure/beleggings gehou tot vervaldatum en/of lenings en debiteure op elke verslagdoeningsdatum vir waardedaling. Wanneer bepaal word of 'n waardedalingsverlies in die staat van omvattende inkomste aangeteken moet word, besluit die Groep of daar waarneembare data is wat 'n meetbare afname in die beraamde toekomstige kontantvloei van 'n finansiële bate aandui.

Die waardedaling vir handelsdebiteure/beleggings gehou tot vervaldatum en/of lenings en debiteure word op 'n portefeuljegrondslag bereken, gegrond op historiese verliesverhoudings wat aangepas is vir nasionale en bedryfspesifieke ekonomiese toestande en ander aanduiders op die verslagdoeningsdatum wat met gebreke in die portefeulje verband hou. Dié jaarlikse verliesverhoudings word toegepas op leningsaldo's in die portefeulje en by die beraamde verliesvoorkomstydperk aangepas.

**BESKIKBAAR-VIR-VERKOOP FINANSIËLE BATES**

Die Groep volg die riglyn van IAS39 om te bepaal wanneer 'n beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate oninbaar is. Die bepaling verg beduidende oordeel. Om te oordeel, oorweeg die Groep onder meer die duur en omvang waartoe die billike waarde van 'n belegging minder is as die koste daarvan; en die finansiële gesondheid of sakevooruitsig vir die beleggernemer in die nabye toekoms, insluitende faktore, soos bedryf- en sektorvertoning, veranderings in tegnologie en bedryfs- en finansieringskontantvloei.

**VOORSIENING VIR STADIGBEWEGENDE, BESKADIGDE EN VEROUDERDE VOORRAAD**

'n Toelaag vir voorraad, om voorraad afwaarts te waardeer tot die koste of die netto realiseerbare waarde, welke een ook al die laagste is, is voorsien. Die bestuur het ramings gedoen oor die verkoopsprys en direkte koste tot verkope op sekere voorraaditems. Die afwaartse waardasie is by die bedryfswinsaantekening ingesluit.

**WAARDEDALINGSTOETSING**

Die verhaalbare bedrae van kontantgenererende eenhede en individuele bates is bereken op grond van die berekenings van waarde in gebruik en billike waardes, welke een ook al die hoogste is. Dié berekenings vereis die gebruik van ramings en veronderstellings. Dit is redelik moontlik dat die groei en/of verdiskonteringskoers kan verander, wat ons ramings kan beïnvloed en dan 'n beduidende aanpassing van die drawaarde van klandisiewaarde en tasbare bates kan verg.

Die Groep toets en sien die drawaarde van bates na wanneer gebeurtenisse of veranderings in omstandighede inhou dat die drabedrag dalk nie verhaalbaar is nie. Hierbenewens word klandisiewaarde op 'n jaarlikse grondslag vir waardedaling getoets. Bates word gegroepeer teen die laagste vlak waar identifiseerbare kontantvloei grotendeels afhanklik is van kontantvloei van ander bates en laste. Indien daar aanduidings is dat waardedaling kon plaasgevind het, word ramings van die verwagte toekomstige kontantvloei vir elke bategroep gedoen. Verwagte toekomstige kontantvloei wat gebruik word om die gebruikswaarde van klandisiewaarde en tasbare bates te bereken, is inherent onseker en kan mettertyd wesenlik verander.

**VERWAGTE WYSE VAN REALISERING VIR UITGESTELDE BELASTING**
Daar word voorsiening gemaak vir uitgestelde belasting op die billikewaarde-aanpassing van beleggingseiendomme op grond van die verwagte wyse van herwinning, dit is verkoop of gebruik. Die herwinningswyse beïnvloed die koers wat gebruik word om die uitgestelde belastingaanspreeklikheid te bereken. Sien aantekening 10 – uitgestelde belasting.

**BELASTING**
Weens die ingewikkeldheid van die wetgewing verg dit oordeel om die voorsiening vir inkomstebelasting te bepaal. Daar is talle transaksies en berekenings waarvoor die uiteindelike belastingberekening in die gewone gang van sake onseker is. Die Groep erken aanspreeklikhede vir verwagte belasting ouditaangeleenthede op grond van die feit dat bykomende belasting betaalbaar sal wees al dan nie. Indien die finale uitslag van dié aangeleenthede verskil van die bedrae wat aanvanklik aangeteken is, sal sodanige verskille die inkomstebelasting en uitgestelde belastingvoorsiening beïnvloed in die tyd waarin sodanige berekening gedoen word.

Die Groep erken die netto toekomstige belastingvoordeel ten opsigte van die uitgestelde belastingbates in soverre mate dit waarskynlik is dat die aftrekbare tydelike verskille in die afsienbare toekoms omgeswaai sal word. In die evaluering van die verhaalbaarheid van uitgestelde belastingbates moet die Groep beduidende ramings oor die verwagting van toekomstige belasbare inkomste maak. Ramings oor toekomstige belasbare inkomste is gegrond op voorspelde kontantvloei uit bedrywighede en die toepassing van bestaande belastingwette in elke jurisdiksie. In soverre mate die toekomstige kontantvloei en belasbare inkomste wesenlik van ander ramings verskil, kan die Groep se vermoë om die netto uitgestelde belastingbates te realiseer wat op die verslagdoeningsdatum aangeteken is, beïnvloed word.

**IDENTIFISERING VAN SPESIFIEKE WANPRESTERENDE DEBITEURE**
Die voorsiening vir individuele debiteure neem slegs die verskil tussen die totale skuld en die sekuriteit beskikbaar, in berekening. Sekuriteit beskikbaar word oorspronklik bepaal deur middel van die kredietbeleid asook die risikoprofiel van die debiteur.

**1.3 Eiendom, aanleg en toerusting**
Die koste van 'n item eiendom, aanleg en toerusting word as 'n bate erken wanneer:
◊ dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordeel verbonde aan die items die Maatskappy sal toekom; en
◊ die koste van die item betroubaar bepaal kan word.

Eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys erken.

Koste sluit koste in, wat aanvanklik aangegaan is om 'n item eiendom, aanleg en toerusting te verkry of op te rig en koste wat daarna aangegaan is om aan te bou, 'n deel daarvan te vervang of dit te diens. Indien 'n vervangingskoste in die drabedrag van 'n item eiendom, aanleg en toerusting erken word, word die drabedrag van die vervangingskoste omgeswaai.

Die aanvanklike raming van die koste om die items af te breek en te verwyder en die perseel waarop dit geleë is, te herstel, word ook by die koste van eiendom, aanleg en toerusting ingesluit, indien die entiteit verplig is om sodanige uitgawe aan te gaan en indien daar 'n verpligting ontstaan as gevolg van die verkryging van die bate of die gebruik daarvan vir 'n doel anders as die produksie van voorraad.

Belangrike onderdele en steuntoerusting wat na verwagting meer as een tydperk lank gebruik sal word, word by eiendom, aanleg en toerusting ingesluit. Hierbenewens word onderdele en steuntoerusting wat slegs ten opsigte van 'n item eiendom, aanleg en toerusting gebruik kan word, as eiendom, aanleg en toerusting in berekening gebring.



# Rekeningkundige beleid *(vervolg)*

Groot inspeksiekoste wat 'n voorwaarde vir voortgesette gebruik van 'n item eiendom, aanleg en toerusting is en aan die bogenoemde kriteria voldoen, word as 'n vervangingskoste in die koste van die item eiendom, aanleg en toerusting ingesluit. Enige oorblywende inspeksiekoste van die vorige inspeksies word omgeswaai.

Eiendom, aanleg en toerusting word op die reguitlynmetode oor die verwagte nutsduur daarvan tot die beraamde reswaarde daarvan gedepresieer.

Eiendom, aanleg en toerusting word teen kosprys minus enige opgehoopte depresiasie en enige waardedalingsverlies gedra.

Die reswaarde, nutsduur en depresiasiemetode van elke bate word aan die einde van elke verslagdoeningstydperk nagesien. Indien die verwagting van vorige ramings verskil, word die verandering as 'n verandering in rekeningkundige raming in berekening gebring.

Elke deel van 'n item eiendom, aanleg en toerusting met 'n koste wat in verhouding tot die totale koste van die item beduidend is, word afsonderlik gedepresieer.

Die depresiasiekoste vir elke tydperk word in wins of verlies erken mits dit by die drabedrag van 'n ander bate ingesluit is.

Die wins of verlies voortspruitend uit die omswaai van die erkenning van 'n item eiendom, aanleg en toerusting word by wins of verlies ingesluit wanneer die erkenning van die item omgeswaai word. Die wins of verlies voortspruitend uit die omswaai van 'n erkenning van 'n item eiendom, aanleg en toerusting word bereken as die verskil tussen die netto opbrengs ontvang, indien enige, en die drabedrag van die item.

Bates wat die (Maatskappy/Groep) vir verhuring aan ander partye hou en gevolglik in die gewone gang van sake of aktiwiteite verkoop, word na voorraad oorgedra wanneer die huurkontrak eindig en die bates beskikbaar is vir verkoop. Die bates word nie as nie-bedryfsbates gehou-vir-verkoop in berekening gebring nie. Die opbrengs op die verkoop van dié bates word as inkomste erken. Alle kontantvloei op die bates word in kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite in die kontantvloeistaat ingesluit.

### 1.4 Ontasbare bates

'n Ontasbare bate word erken wanneer:

- ◊ dit waarskynlik is dat die verwagte toekomstige ekonomiese voordeel toeskryfbaar aan die bate, die entiteit sal toekom; en
- ◊ die koste van die bate betroubaar bepaal kan word.

Ontasbare bates word aanvanklik teen kosprys erken.
Ontasbare bates word jaarliks getoets vir waardedaling.

| Item | Nutsduur |
|---|---|
| Versekering klantebasis | Onbeperk |

### 1.5 Beleggings in filiale

**MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE**

In die Maatskappy se afsonderlike finansiële state word beleggings in filiale teen kosprys minus enige opgehoopte waardedalings gedra.

Die koste van 'n belegging in 'n filiaal is die totaal van:

- ◊ die billike waarde op die ruildatum van enige bates geskenk, aanspreeklikhede aangegaan of oorgeneem en ekwiteitsinstrumente wat die Maatskappy uitgereik het; plus
- ◊ enige koste wat regstreeks aan die verkryging van die filiaal toeskryfbaar is.

‘n Aanpassing van die koste van ‘n besigheidsamevoeging wat voorwaardelik is aan toekomstige gebeure word by die koste van die samevoeging ingesluit indien die aanpassing waarskynlik is en betroubaar bereken kan word.

## 1.6 Belegging in gesamentlik beheerde ondernemings

**MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE**
‘n Belegging in ‘n gesamentlik beheerde onderneming word gedra teen kosprys minus enige opgehoopte waardedaling.

Die Groep se deel van wins of verlies voortspruitend uit aankope van bates van gesamentlik beheerde ondernemings word slegs erken wanneer die bates aan ‘n onafhanklike derde party herverkoop word.

Ten opsigte van sy belang in gesamentlik beheerde bedrywighede erken die Maatskappy in sy finansiële state:
- die bates wat hy beheer en die aanspreeklikhede wat hy aangaan; en
- die uitgawes wat hy aangaan en sy aandeel van die inkomste wat hy verdien uit die verkoop van goedere en dienste deur die gesamentlik beheerde onderneming.

Ten opsigte van sy belang in gesamentlik beheerde bates, erken die Maatskappy in sy finansiële state:
- sy deel van die gesamentlik beheerde bates, geklassifiseer volgens die aard van die bate;
- enige aanspreeklikhede wat hy aangegaan het;
- sy deel van enige aanspreeklikhede wat ten opsigte van die gesamentlike onderneming saam met die ander ondernemers aangegaan is;
- enige inkomste uit die verkoop of gebruik van sy aandeel van die produksie van die gesamentlike onderneming, saam met sy deel van enige uitgawes wat die gesamentlike onderneming aangegaan het; en
- enige uitgawes wat hy ten opsigte van sy eie belang in die gesamentlike onderneming aangegaan het.

## 1.7 Beleggings in geassosieerdes

**MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE**
‘n Belegging in ‘n geassosieerde word gedra teen kosprys minus enige opgehoopte waardedaling.

## 1.8 Finansiële instrumente

**KLASSIFIKASIE**
Die Groep klassifiseer finansiële bates en finansiële laste in die volgende kategorieë:
- finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies – gehou-vir-verkoop;
- finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies – toegewys; en
- lenings en bedrae ontvangbaar.

Die klassifikasie hang af van die doel waarvoor die finansiële instrumente verkry/aangegaan is en vind met aanvanklike erkenning plaas. Vir finansiële instrumente wat nie deur wins of verlies teen billike waarde is nie, word klassifikasie op ‘n jaarlikse grondslag herevalueer.

Finansiële bates geklassifiseer teen billike waarde deur wins of verlies wat nie meer vir die doeleindes van verkoop of terugkoop in die nabye toekoms gehou word nie, kan uit die kategorie geklassifiseer word:
- onder rare omstandighede; en
- indien die bates aan die definisie van lenings en debiteure voldoen en die entiteit die voorneme en vermoë het om die bate vir die voorsienbare toekoms of tot op die uitkeerdatum te hou.

Geen ander herklassifikasie kan deur die wins- of verlieskategorie in of uit die billike waarde gedoen word nie.

‘n Finansiële bate geklassifiseer as beskikbaar-vir-verkoop wat aan die definisie van lenings en debiteure sou voldoen, kan na lenings en debiteure herklassifiseer word indien die entiteit die voorneme en vermoë het om die bate vir die voorsienbare toekoms of tot die uitkeerdatum te betaal.

**AANVANKLIKE ERKENNING EN METING**
Finansiële instrumente word aanvanklik erken wanneer die Groep ‘n party in die kontraktuele bepalings van die instrumente word.



# Rekeningkundige beleid (vervolg)

Die Groep klassifiseer finansiële instrumente, of dele daarvan, met aanvanklike erkenning as 'n finansiële bate, 'n finansiële las of 'n ekwiteitsinstrument ooreenkomstig die wese van die kontraktuele reëling.

Finansiële instrumente word aanvanklik teen billike waarde bepaal, buiten vir ekwiteitsbeleggings waarvoor 'n billike waarde nie bepaal kan word nie, wat bereken word teen kosprys en as beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates geklassifiseer word.

Vir finansiële instrumente wat nie deur wins of verlies teen billike waarde is nie, word transaksiekoste by die aanvanklike berekening van die instrument ingesluit.

Transaksiekoste op finansiële instrumente teen billike waarde deur wins of verlies word in wins of verlies erken.

Gereelde aankope van finansiële bates word op die handelsdatum in berekening gebring.

**WAARDEDALING VAN FINANSIËLE BATES**
Op elke verslagdoeningsdatum evalueer die Groep alle finansiële bates, buiten dié teen billike waarde deur wins of verlies om vas te stel of daar objektiewe bewyse is dat 'n finansiële bate of Groep finansiële bates se waarde gedaal het.

Ten opsigte van bedrae wat aan die Groep verskuldig is, word beduidende finansiële probleme van die debiteur, die waarskynlikheid dat die debiteur bankrot verklaar sal word en wanbetalings as aanduidings van waardedaling oorweeg.

Waardedalingsverliese word in wins of verlies erken.

Waardedalingsverliese word omgeswaai wanneer 'n styging in die finansiële bate se verhaalbare bedrag objektief in verband gebring kan word met 'n gebeurtenis wat plaasvind nadat die waardedalings erken is, onderhewig aan die beperking dat die drabedrag van die finansiële bate op die datum waarop die waardedalings omgeswaai word, nie meer sal wees as wat die drabedrag sou gewees het indien die waardedaling nie erken is nie.

Die omswaai van 'n waardedalingsverlies word in wins of verlies erken, buiten vir ekwiteitsbeleggings geklassifiseer as beskikbaar-vir-verkoop.

Indien finansiële bates oninbaar word deur 'n toelaagrekening te gebruik, word die bedrag van die verlies in bedryfskoste in wins of verlies erken. Wanneer sodanige bates afgeskryf word, word die afskrywing teen die betrokke toelaagrekening gedoen. Daaropvolgende verhalings van bedrae wat voorheen afgeskryf is, word teen bedryfskoste gekrediteer.

**HANDELS- EN ANDER DEBITEURE**
Handelsdebiteure word met aanvanklike erkenning teen billike waarde en daarna teen die geamortiseerde koste bereken deur die effektiewerentekoers-metode te gebruik. Toepaslike voorsiening vir beraamde onverhaalbare bedrae word in wins of verlies erken wanneer daar objektiewe bewys is dat die bate oninbaar is. Beduidende finansiële probleme van die debiteur, die waarskynlikheid dat die debiteur bankrot verklaar sal word of finansiële herorganisasie sal ondergaan en wanbetaling of agterstalligheid van betalings (meer as 30 dae agterstallig) word as aanduiders beskou dat die handelsdebiteure aan waardedaling onderhewig is. Die erkende voorsienings word bereken as die verskil tussen die bate se drabedrag en die huidige waarde van die beraamde toekomstige kontantvloei, verdiskonteer teen die effektiewerentekoers-metode met aanvanklike erkenning.

**HANDELS- EN ANDER KREDITEURE**
Handelskrediteure word aanvanklik teen billike waarde en daarna teen geamortiseerde koste bereken deur die effektiewerentekoers-metode te gebruik.

**KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE**
Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant voorhande en aanvraagdeposito's en ander hoogs likiede korttermynbeleggings wat geredelik in 'n bekende kontantbedrag omskepbaar is en aan nietige risiko's ten opsigte van waardeverandering onderhewig is. Dit word aanvanklik en daarna teen billike waarde aangeteken.

**BANKOORTREKKINGS EN LENINGS**
Bankoortrekkings en lenings word aanvanklik teen billike waarde en daarna teen geamortiseerde koste verantwoord deur die effektiewerentekoers-metode te gebruik. Enige verskil tussen die opbrengs (na aftrekking van transaksiekoste) en die vereffening of aflossing van leningskoste word oor die leningstermyn ooreenkomstig die Groep se rekeningkundige beleid vir leningskoste erken.

## 1.9 Belasting

**LOPENDEBELASTINGBATES EN -LASTE**
Lopendebelasting vir huidige en vorige tydperke word, in soverre mate dit onbetaal is, as 'n las erken. Indien die bedrag wat reeds ten opsigte van huidige en vorige tydperke betaal is, meer is as die bedrag wat in die tydperke betaalbaar is, word die surplus as 'n bate erken.

Lopendebelastinglaste (bates) vir die huidige en vorige tydperk word bereken teen die bedrag wat na verwagting betaal sal word aan (verhaal sal word van) die belastingowerhede deur die belastingkoers (en belastingwetgewing) te gebruik wat teen die verslagdoeningsdatum uitgevaardig is of in wese uitgevaardig is.

**UITGESTELDE BELASTINGBATES EN -LASTE**
'n Uitgestelde belastinglas word vir alle belasbare tydelike verskille erken, buiten in soverre mate die uitgestelde belastinglas spruit uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie wat ten tye van die transaksie nie die rekeningkundige wins of die belasbare wins (belastingverlies) beïnvloed nie.

'n Uitgestelde belastingbate word vir alle aftrekbare tydelike verskille erken in soverre mate dit waarskynlik is dat 'n belasbare wins beskikbaar sal wees waarteen die aftrekbare, tydelike verskille benut kan word. 'n Uitgestelde belastingbate word nie erken wanneer dit ontstaan uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie wat ten tye van die transaksie nie die rekeningkundige wins of belasbare wins (belastingverlies) beïnvloed nie.

'n Uitgestelde belastingbate word erken vir die oordrag van onaangewende belastingverliese en onaangewende SBM-krediete in soverre mate dit moontlik is dat toekomstige belasbare wins beskikbaar sal wees waarteen die onaangewende belastingverliese en SBM-krediete gebruik kan word.

Uitgestelde belastingbates en -laste word bereken teen die verwagte heersende belastingkoers in die tydperk waarin die bate gerealiseer word of die aanspreeklikheid vereffen word, gegrond op belastingkoerse (en belastingwette) wat teen die verslagdoeningsdatum uitgevaardig is of in wese uitgevaardig is.

**BELASTINGUITGAWES**
Lopende en uitgestelde belasting word as 'n inkomste of uitgawe erken en by wins en verlies vir die tydperk ingesluit, buiten in soverre mate die belasting spruit uit:
- 'n transaksie of gebeurtenis wat in dieselfde of 'n ander tydperk regstreeks in ekwiteit erken is; of
- 'n besigheidsamevoeging.

## 1.10 Hure
'n Huurkontrak word as bruikhuur geklassifiseer indien dit in wese al die risiko's en belonings verbonde aan eienaarskap oordra. 'n Huurkontrak word as 'n bedryfshuur geklassifiseer, indien dit nie in wese al die risiko's en belonings verbonde aan eienaarskap oordra nie.

**BRUIKHURE – HUURDER**
Bruikhure word as bates en laste in die staat van finansiële posisie erken teen bedrae wat gelyk is aan die billike waarde van die gehuurde eiendom of, indien dit laer is, die huidige waarde van die minimum huurbetalings. Die ooreenstemmende aanspreeklikheid teenoor die verhuurder word as 'n bruikhuurverpligting in die staat van finansiële posisie ingesluit.

Die kortingskoers wat in die berekening van die huidige waarde van die minimum huurbetaling gebruik word, is die rentekoers wat in die huurkontrak geïmpliseer word.



# Rekeningkundige beleid (vervolg)

Die huurbetalings word gedeel tussen die finansieringskoste en die vermindering van die uitstaande aanspreeklikheid. Die finansieringskoste word in elke tydperk in die huurtermyn toegeken ten einde 'n konstante periodieke koersverlaging op die saldo van die aanspreeklikheid te lewer.

**BEDRYFSHURE – VERHUURDER**
Bedryfshuurinkomste word op 'n reguitlyngrondslag oor die huurtermyn as 'n inkomste erken.

**1.11 Voorraad**
Alle voorraad, uitgesluit graan en implemente, word teen gemiddelde kosprys of die netto realiseerbare waarde, welke een ook al die laagste is, bereken.

Graan word teen billike waarde min verkoopskoste waardeer.

Implemente word teen die laagste van die spesifieke koste, of netto realiseerbare waarde waardeer.

Netto realiseerbare waarde is gelyk aan die verkoopprys in die gewone gang van sake min die koste van voltooiing en verkoopskoste

**1.12 Waardedaling van bates**
Die Groep evalueer op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat 'n bate se waarde gedaal het. Indien daar enigsins so 'n aanduiding is, beraam die Groep die verhaalbare bedrag van die bate.

Ongeag of daar enige aanduiding van waardedalings is, doen die Groep ook die volgende:
◊ toets ontasbare bates met 'n onbepaalde nutsduur of ontasbare bates wat nog nie vir gebruik beskikbaar is nie jaarliks vir waardedalings deur die drabedrag daarvan met die verhaalbare bedrag daarvan te vergelyk. Die waardedalingstoets word deur die loop van die jaar en op dieselfde tydperk elke jaar gedoen; en
◊ toets klandisiewaarde wat in 'n besigheidsamevoeging jaarliks vir waardedaling verkry is.

Indien daar enige aanduiding is dat 'n bate se waarde gedaal het, word die verhaalbare bedrag vir die individuele bate bepaal. Indien die verhaalbare bedrag van die individuele bate nie bepaal kan word nie, word die verhaalbare bedrag van die kontantgenererende eenheid waartoe die bate behoort, bepaal.

Die verhaalbare bedrag van 'n bate of 'n kontantgenererende eenheid is die billike waarde minus koste van verkope tot dusver, of die gebruikswaarde, welke een ook al die hoogste is.

Indien die verhaalbare bedrag van 'n bate minder is as die drabedrag, word die drabedrag van die bate tot die verhaalbare bedrag verminder. Dié vermindering is 'n waardedalingsverlies.

'n Waardedalingsverlies van bates wat teen kosprys minus enige opgehoopte depresiasie of amortisasie gedra word, word onmiddellik in wins of verlies erken. Enige waardedalingsverlies van 'n herwaardeerde bate word as 'n herwaardasiedaling hanteer.

'n Entiteit evalueer op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir bates, buiten klandisiewaarde, erken is, nie meer bestaan nie of kleiner is. Indien daar enigsins so 'n aanduiding is, word die verhaalbare bedrae van dié bates beraam.

Die verhoogde drabedrag van 'n bate buiten klandisiewaarde wat toeskryfbaar is aan die omswaai van 'n waardedalingsverlies is nie meer as die drabedrag wat bereken sou word indien daar in vorige jare geen waardedalingsverlies vir die bate erken is nie.

Die omswaai van 'n waardedalingsverlies van bates wat teen kosprys gedra word minus opgehoopte depresiasie of amortisasie buiten klandisiewaarde word onmiddellik in wins of verlies erken. Enige omswaai van 'n waardedalingsverlies of 'n herwaardeerde bate word as 'n herwaardasietoename hanteer.

### 1.13 Aandelekapitaal en ekwiteit

'n Ekwiteitsinstrument is enige kontrak wat bewys is van 'n oorblywende belang in die bates van 'n entiteit nadat al sy laste afgetrek is.

Gewone aandele word as ekwiteit geklassifiseer. Verpligtend aflosbare voorkeuraandele word as laste geklassifiseer.

### 1.14 Werknemervoordele

**KORTTERMYNWERKNEMERVOORDELE**

Die koste van korttermynwerknemervoordele (dié wat betaalbaar is binne twaalf maande nadat sodanige diens gelewer is, soos verlof en siekverlof, bonusse en nie-monetêre voordele, soos mediese sorg) word erken in die tydperk waarin die diens gelewer word en word nie verdiskonteer nie.

Die verwagte koste van betaalde afwesigheid word as 'n uitgawe erken na gelang die werknemer diens lewer wat sy/haar geregtigheid daarop verhoog, of in die geval van afwesigheid wat nie ophoop nie, wanneer die afwesigheid plaasvind.

Die verwagte koste van winsdeling en bonusbetalings word as 'n uitgawe erken wanneer daar 'n wettige of afgeleide verpligting is om sodanige betaling as gevolg van vorige prestasie te doen.

**NA-AFTREDE MEDIESE SORG VERPLIGTING**

Die toekomstige koste van na-aftrede mediese koste word teen inkomste voorsien, gegrond op 'n onafhanklike jaarlikse aktuariële waardasie. Aktuariële winste en verliese word verantwoord in die staat van omvattende inkomste in die jaar waarin dit ontstaan. Personeel wat na 1 Januarie 1998 in diens geneem is, kwalifiseer nie vir mediese voordele na aftrede nie. Die verhoging van werkgewerbydraes vir persone wat wel vir die voordeel kwalifiseer, is beperk tot 'n maksimum van 10% per jaar.

### 1.15 Staatstoekennings

Staatstoekennings word erken wanneer daar redelike sekerheid is dat:

- die Groep aan die voorwaardes verbonde daaraan sal voldoen; en
- die toekenning ontvang sal word.

Staatstoekennings word as inkomste erken oor die tydperk wat nodig is om dit te koppel aan die verwante koste wat dit veronderstel is om te vergoed.

'n Staatstoekenning wat ontvangbaar word as vergoeding vir uitgawes of verliese wat reeds aangegaan is of met die doel om onmiddellike finansiële steun te verleen aan 'n entiteit met geen toekomstige verwante koste nie, word in die tydperk waarin dit ontvangbaar word as inkomste erken.

Staatstoekennings ten opsigte van bates, insluitend nie-monetêre toekennings teen billike waarde, word in die staat van finansiële posisie getoon deur die toekenning as uitgestelde inkomste by te tel, of deur die toekenning in die berekening van die drabedrag van die bate af te trek.

Toekennings ten opsigte van inkomste word (afsonderlik) as 'n krediet in wins en verlies aangebied.

Die terugbetaling van 'n toekenning ten opsigte van 'n bate word aangeteken deur die drabedrag van die bate te verhoog of deur die saldo van die uitgestelde inkomste met die betaalbare bedrag te verminder. Die kumulatiewe bykomende depresiasie wat by gebrek aan die toekenning tot dusver as 'n uitgawe erken is, word onmiddellik as 'n uitgawe erken.

Waar 'n lening van die staat ontvang word teen rentekoerse laer as markverwante rentekoerse, word die verskil tussen die billike waarde van die lening en die bedrag ontvang as 'n staatstoekenning erken.



# Rekeningkundige beleid (vervolg)

**1.16 Inkomste**

Inkomste uit die verkoop van goedere word erken wanneer al die volgende voorwaardes nagekom is:

- ◊ die Groep het die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van die goedere aan die koper oorgedra;
- ◊ die Groep behou nie die voortgesette bestuursbetrokkenheid op dieselfde vlak wat gewoonlik met eienaarskap of effektiewe beheer van die verkoopte goedere geassosieer word nie;
- ◊ die hoeveelheid inkomste kan betroubaar bereken word;
- ◊ die ekonomiese voordeel verbonde aan die transaksie sal waarskynlik die Groep toekom; en
- ◊ die koste wat ten opsigte van die transaksie aangegaan is of wat aangegaan sal word, kan betroubaar bereken word.

Wanneer die uitslag van 'n transaksie wat dienslewering behels, betroubaar beraam kan word, word inkomste ten opsigte van die transaksie erken met verwysing na die stadium van voltooiing van die transaksie op die verslagdoeningsdatum. Die uitslag van die transaksie kan betroubaar beraam word wanneer al die volgende voorwaardes nagekom word:

- ◊ die inkomstebedrag kan betroubaar bereken word;
- ◊ die ekonomiese voordeel ten opsigte van die transaksie sal na verwagting die Groep toekom;
- ◊ die afhandelingstadium van die transaksie op die verslagdoeningsdatum kan betroubaar bereken word; en
- ◊ die koste wat aangegaan is vir die transaksie en die koste om die transaksie af te handel, kan betroubaar bereken word.

Wanneer die uitslag van die transaksie wat dienslewering behels, nie betroubaar bereken kan word nie, word inkomste slegs erken ten opsigte van die erkende uitgawes wat verhaalbaar is.

Gekonsolideerde inkomste sluit tussenmaatskappytransaksies uit.

Finansieringsinkomste word op 'n tydverhoudingsgrondslag volgens die effektiewerentekoers-metode erken. Wanneer waardedaling ten opsigte van 'n debiteur plaasvind, verminder die Maatskappy die drabedrag na die verhaalbare bedrag – synde die geraamde toekomstige kontantvloei teen die oorspronklike effektiewe rentekoers van die instrument verdiskonteer – en gaan hy voort om die diskonto as finansieringsinkomste aan te wend. Finansieringsinkomste op lenings ten opsigte waarvan waardedaling plaasgevind het, word erken óf wanneer kontant ingevorder word, óf op 'n kosteverhalingsgrondslag namate toestande dit regverdig.

Agentekommissie op versekeringstransaksies word as inkomste erken by die aanvang of hernuwing van die verwante polis, wat ook al van toepassing is. Kommissie inkomste uit transaksies waar die Maatskappy as agent van die verskaffer en finansier van die koper optree, word as inkomste erken by ontvangsbewys dat die goedere of dienste aan die koper gelewer is. Ander kommissie word as inkomste erken na gelang van die dienslewering, of indien van toepassing, volgens kontrak of ooreenkoms.

Inkomste word bereken teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang is of ontvangbaar is en verteenwoordig die ontvangbare bedrae vir goedere en dienste wat in die normale gang van sake verskaf word, na aftrekking van handelskortings, volumekorting en belasting op toegevoegde waarde (BTW).

Rente word in wins of verlies erken deur die effektiewerentekoers-metode te gebruik.

Tantième word ooreenkomstig die kern van dié betrokke ooreenkomste op die toevallingsgrondslag bereken.

Dividende word in wins en verlies erken wanneer die Maatskappy se reg om die betaling te ontvang, gevestig is.

Die diensfooi wat by die prys van die produk ingesluit is, word as inkomste erken in die tydperk wat die diens gelewer word.

**1.17 Omset**

Omset bestaan uit verkope aan klante en dienste wat aan klante gelewer word. Die omset word teen die faktuurbedrag verklaar en sluit BTW uit.

**1.18 Koste van verkope**

Wanneer voorraad verkoop word, word die drabedrag van dié voorraad as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin die verwante inkomste erken word. Die bedrag van enige afwaartse waardasie van voorraad tot netto realiseerbare waarde en alle verliese word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin die afwaartse waardasie of verlies plaasvind. Die bedrag van enige omswaaiing van enige afwaartse waardasie van voorraad voortspruitend uit 'n toename in netto realiseerbare waarde word erken as 'n vermindering van die hoeveelheid voorraad wat in dié tydperk waarin dit omgeswaai word as 'n uitgawe erken is.

Die koste verbonde aan dienslewering wat in die huidige tydperk as inkomste erken word, word by koste van verkope ingesluit.

**1.19 Leenkoste**

Leenkoste wat regstreeks toeskryfbaar is aan die verkryging, konstruksie of produksie van 'n kwalifiserende bate word as deel van die koste van daardie bate gekapitaliseer totdat die bate vir die voorgenome gebruik daarvan gereed is. Die bedrag van die leenkoste wat gekapitaliseer kan word, word soos volg bereken:

- ◊ werklike leenkoste op fondse wat spesifiek geleen is met die doel om 'n kwalifiserende bate te verkry, minus enige tydelike belegging van dié lenings; en
- ◊ die geweegde gemiddeld van die leenkoste wat op die entiteit van toepassing is op fondse wat in die algemeen geleen word met die doel om 'n kwalifiserende bate te verkry. Die gekapitaliseerde leenkoste is nie meer as die totale leenkoste wat aangegaan word nie.

Die kapitalisering van leenkoste neem 'n aanvang wanneer:

- ◊ besteding vir die bate plaasgevind het;
- ◊ leenkoste aangegaan is; en
- ◊ aktiwiteite wat nodig is om die bate vir die voorgenome gebruik of verkoop daarvan voor te berei, aan die gang is.

Alle ander leenkoste word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan word.

## 2. Nuwe standaarde en vertolkings

**2.1 Standaarde en vertolkings van krag en toegepas in die huidige jaar**

In die huidige jaar, het die Groep die volgende standaarde en vertolkings toegepas, wat vir die huidige finansiële jaar van krag is en op sy bedrywighede van toepassing is:

| ***Standaard/vertolking:*** | ***Effektiewe datum:*** **Jare wat begin op of ná** |
|---|---|
| ◊ *IAS 19 – Employee Benefits Revised* | 1 Januarie 2013 |
| ◊ *Disclosures – Offsetting Financial Assets and Financial Liabilities (Amendments to IFRS 7)* | 1 Januarie 2013 |
| ◊ *Government Loans (Amendment to IFRS 1)* | 1 Januarie 2013 |
| ◊ *IFRS 1 – Annual Improvements for 2009 – 2011 cycle* | 1 Januarie 2013 |
| ◊ *IAS 1 – Annual Improvements for 2009 – 2011 cycle* | 1 Januarie 2013 |
| ◊ *IAS 16 – Annual Improvements for 2009 – 2011 cycle* | 1 Januarie 2013 |
| ◊ *IAS 32 – Annual Improvements for 2009 – 2011 cycle* | 1 Januarie 2013 |
| ◊ *IAS 34 – Annual Improvements for 2009 – 2011 cycle* | 1 Januarie 2013 |
| ◊ *Consolidated Financial Statements, Joint Arrangements and Disclosures of Interests in Other Entities: Transition Guidance* | 1 Januarie 2013 |

**2.2 Standaarde en vertolkings wat nog nie van krag is nie**

Die Groep het besluit om die volgende standaarde en vertolkings, wat gepubliseer en verpligtend is vir die Groep se rekeningkundige tydperke wat op, of na 1 April 2013 begin, nie vroeg toe te pas nie:

| ***Standaard/vertolking:*** | ***Effektiewe datum:*** **Jare wat begin op of ná** |
|---|---|
| ◊ *IFRS 15 – Revenue from Contracts with Customers* | 31 Desember 2015 |
| ◊ *IFRS 9 – Financial Instruments* | 1 Januarie 2015 |
| ◊ *Offsetting Financial Assets and Financial Liabilities (Amendments to IAS 32)* | 1 Januarie 2014 |



# Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

| | GROEP | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2014** | | | 2013 | | |
| | **Kosprys R'000** | **Opgehoopte depresiasie R'000** | **Drawaarde R'000** | Kosprys R'000 | Opgehoopte depresiasie R'000 | Drawaarde R'000 |
| **3. Eiendom, aanleg en toerusting** | | | | | | |
| Grond en geboue | **271 538** | **(43 593)** | **227 945** | 125 990 | (12 914) | 113 076 |
| Aanleg, toerusting en meubels | **443 903** | **(117 298)** | **326 605** | 273 011 | (2 322) | 270 689 |
| Motorvoertuie | **48 341** | **(17 334)** | **31 007** | 29 991 | (13 276) | 16 715 |
| Rekenaartoerusting | **54 911** | **(40 506)** | **14 405** | 34 596 | (23 203) | 11 393 |
| Staatstoekenning | **(37 003)** | **1 229** | **(35 774)** | (17 255) | - | (17 255) |
| Onvoltooide projekte | **24 842** | **-** | **24 842** | 8 772 | - | 8 772 |
| **Totaal** | **806 532** | **(217 502)** | **589 030** | 455 105 | (51 715) | 403 390 |

| | MAATSKAPPY | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2014** | | | 2013 | | |
| | **Kosprys R'000** | **Opgehoopte depresiasie R'000** | **Drawaarde R'000** | Kosprys R'000 | Opgehoopte depresiasie R'000 | Drawaarde R'000 |
| Grond en geboue | **96 491** | **(19 089)** | **77 402** | 71 339 | (12 062) | 59 277 |
| Aanleg, toerusting en meubels | **126 898** | **(57 515)** | **69 383** | 71 508 | 4 621 | 76 129 |
| Motorvoertuie | **43 772** | **(16 042)** | **27 730** | 29 699 | (13 211) | 16 488 |
| Rekenaartoerusting | **32 526** | **(26 359)** | **6 167** | 29 722 | (22 576) | 7 146 |
| Staatstoekenning | **(8 066)** | **-** | **(8 066)** | (2 543) | - | (2 543) |
| Onvoltooide projekte | **24 661** | **-** | **24 661** | 8 772 | - | 8 772 |
| **Totaal** | **316 282** | **(119 005)** | **197 277** | 208 497 | (43 228) | 165 269 |

**Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting – Groep – 2014**

| | **Beginsaldo** | **Aankope** | **Aankope en projekte voltooi teen kosprys** | **Verkope** | **Staats-toekenning** | **Depresiasie** | **Depresiasie teruggetel op verkope** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Grond en geboue | **113 076** | **122 038** | **-** | **(226)** | **-** | **(6 951)** | **8** | **227 945** |
| Aanleg, toerusting en meubels | **270 689** | **85 104** | **-** | **(4 789)** | **-** | **(26 958)** | **2 559** | **326 605** |
| Motorvoertuie | **16 715** | **18 249** | **-** | **(583)** | **-** | **(3 957)** | **583** | **31 007** |
| Rekenaartoerusting | **11 393** | **11 922** | **-** | **(1 316)** | **-** | **(8 907)** | **1 313** | **14 405** |
| Staatstoekenning | **(17 255)** | **-** | **-** | **-** | **(20 052)** | **1 533** | **-** | **(35 774)** |
| Onvoltooide projekte | **8 772** | **-** | **16 070** | **-** | **-** | **-** | **-** | **24 842** |
| | **403 390** | **237 313** | **16 070** | **(6 914)** | **(20 052)** | **(45 240)** | **4 463** | **589 030** |

**Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting – Groep – 2013**

| | Beginsaldo | Aankope | Aankope en projekte voltooi teen kosprys | Verkope | Staats-toekenning | Kosprys her-allokasie | Opgelope depresiasie herallokasie | Depresiasie | Depresiasie teruggetel op verkope | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Grond en geboue | 67 889 | 59 661 | - | (11) | - | (45 421) | 32 784 | (1 826) | - | 113 076 |
| Aanleg, toerusting en meubels | 8 480 | 263 697 | - | (296) | - | 45 407 | (32 746) | (14 143) | 290 | 270 689 |
| Motorvoertuie | 12 137 | 7 103 | - | (1 054) | - | (82) | 48 | (2 302) | 865 | 16 715 |
| Rekenaartoerusting | 6 090 | 9 012 | - | (72) | - | 96 | (86) | (3 720) | 73 | 11 393 |
| Staatstoekenning | - | - | - | - | (17 607) | - | - | 352 | - | (17 255) |
| Onvoltooide projekte | 169 466 | - | (160 694) | - | - | - | - | - | - | 8 772 |
| | 264 062 | 339 473 | (160 694) | (1 433) | (17 607) | - | - | (21 639) | 1 228 | 403 390 |

**Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting – Maatskappy – 2014**

| | **Beginsaldo** | **Aankope** | **Aankope en projekte voltooi teen kosprys** | **Verkope** | **Staats-toekenning** | **Depresiasie** | **Depresiasie teruggetel op verkope** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Grond en geboue | **59 277** | **20 352** | **-** | **(66)** | **-** | **(2 169)** | **8** | **77 402** |
| Aanleg, toerusting en meubels | **76 129** | **978** | **-** | **(2 079)** | **-** | **(7 694)** | **2 049** | **69 383** |
| Motorvoertuie | **16 488** | **14 657** | **-** | **(584)** | **-** | **(3 414)** | **583** | **27 730** |
| Rekenaartoerusting | **7 146** | **4 120** | **-** | **(1 316)** | **-** | **(5 097)** | **1 314** | **6 167** |
| Staatstoekenning | **(2 543)** | **-** | **-** | **-** | **(5 952)** | **429** | **-** | **(8 066)** |
| Onvoltooide projekte | **8 772** | **-** | **15 889** | **-** | **-** | **-** | **-** | **24 661** |
| | **165 269** | **40 107** | **15 889** | **(4 045)** | **(5 952)** | **(17 945)** | **3 954** | **197 277** |

**Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting – Maatskappy – 2013**

| | Beginsaldo | Aankope | Aankope en projekte voltooi teen kosprys | Verkope | Staats-toekenning | Kosprys her-allokasie | Opgelope depresiasie herallokasie | Depresiasie | Depresiasie teruggetel op verkope | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Grond en geboue | 67 890 | 5 009 | - | (11) | - | (45 421) | 32 784 | (974) | - | 59 277 |
| Aanleg, toerusting en meubels | 8 412 | 62 389 | - | (296) | - | 45 407 | (32 746) | (7 327) | 290 | 76 129 |
| Motorvoertuie | 11 863 | 7 104 | - | (1 054) | - | (82) | 48 | (2 255) | 864 | 16 488 |
| Rekenaartoerusting | 5 676 | 4 723 | - | (72) | - | 96 | (86) | (3 263) | 72 | 7 146 |
| Staatstoekenning | - | - | - | - | (2 607) | - | - | 64 | - | (2 543) |
| Onvoltooide projekte | 54 071 | - | (45 299) | - | - | - | - | - | - | 8 772 |
| | 147 912 | 79 225 | (45 299) | (1 433) | (2 607) | - | - | (13 755) | 1 226 | 165 269 |





## 3. Eiendom, aanleg en toerusting (vervolg)

**Verpand as sekuriteit**
Voertuie met 'n netto drawaarde van R26,5 miljoen (2013: R15,1 miljoen) dien as sekuriteit vir die afbetalingsooreenkomste met die bank. Verwys na aantekening 17.

Die staatstoekenning vanaf die Departement van Handel en Nywerheid is ontvang as gedeeltelike befondsing van die oprig van die veevoerfabriek. Die inkomste word erken oor die lewensduur van die betrokke vervaardigingsgeboue en toerusting.

**Die verwagte lewensduur val binne die volgende intervalle:**

| | |
|---|---|
| Opberging- en vervaardigingsgeboue | 50 jaar |
| Administratiewe geboue | 20 - 30 jaar |
| Aanleg, toerusting en meubels | 5 - 15 jaar |
| Rekenaartoerusting | 2 - 6 jaar |
| Voertuie | 5 - 8 jaar |
| Staatstoekennings | 10 - 20 jaar |

'n Register met die inligting vereis deur Regulasie 25 (3) van die Maatskappyregulasies, 2011 is by die Maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

## 4. Klandisiewaarde

| | GROEP | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2014** | | | 2013 | | |
| | **Koste R'000** | **Opgehoopte waardedaling R'000** | **Drawaarde R'000** | Koste R'000 | Opgehoopte waardedaling R'000 | Drawaarde R'000 |
| Klandisiewaarde | **24 724** | **-** | **24 724** | - | - | - |

**Rekonsiliasie van klandisiewaarde – Groep – 2014**

| | Beginsaldo | Aankope deur besigheidsamevoegings | Totaal |
|---|---|---|---|
| Klandisiewaarde | - | 24 724 | 24 724 |

Klandisiewaarde behels die koste van verkryging van 'n addisionele 50%-belang in NTK Landbou (Edms) Bpk ingevolge 'n reëlingskema, soos beskryf in nota 6.

## 5. Ontasbare bates

| | GROEP | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2014** | | | 2013 | | |
| | **Kosprys** | **Opgehoopte amortisasie** | **Drawaarde** | Kosprys | Opgehoopte amortisasie | Drawaarde |
| Versekeringklantebasis | **1 726** | **-** | **1 726** | 1 200 | - | 1 200 |

| | MAATSKAPPY | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2014** | | | 2013 | | |
| | **Kosprys** | **Opgehoopte amortisasie** | **Drawaarde** | Kosprys | Opgehoopte amortisasie | Drawaarde |
| Versekeringklantebasis | **1 726** | **-** | **1 726** | 1 200 | - | 1 200 |

**Rekonsiliasie van ontasbare bates – Groep – 2014**

| | **Beginsaldo** | **Aankope** | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| Versekeringklantebasis | **1 200** | **526** | **1 726** |

**Rekonsiliasie van ontasbare bates – Groep – 2013**

| | Beginsaldo | Totaal |
|---|---|---|
| Versekeringklantebasis | 1 200 | 1 200 |

**Rekonsiliasie van ontasbare bates – Maatskappy – 2014**

| | **Beginsaldo** | **Aankope** | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| Versekeringklantebasis | **1 200** | **526** | **1 726** |

**Rekonsiliasie van ontasbare bates – Maatskappy – 2013**

| | Beginsaldo | Totaal |
|---|---|---|
| Versekeringklantebasis | 1 200 | 1 200 |

**Ander inligting**

'n Versekeringklantebasis vanaf Statusfin Versekeringsmakelaars Morgenzon (Edms) Bpk is bekom gedurende 2014 finansiële jaar vir 'n kosprys van R526 424.

Die openingsaldo van R1 200 000 bestaan uit 'n versekeringklantebasis wat bekom is vanaf Emerald Makelaars in 2011.

Ontasbare bates het 'n onbeperkte lewensduur.

## 6. Beleggings in filiale

| **Naam van maatskappy** | Besit deur | **% stemreg 2014** | % stemreg 2013 | **Drabedrag 2014** | Drabedrag 2013 |
|---|---|---|---|---|---|
| Grain Field Chickens (Edms) Bpk | VKB Landbou (Edms) Bpk | **76,90%** | 76,90% | **1** | 1 |
| NTK Landbou (Edms) Bpk | VKB Landbou (Edms) Bpk | **100,00%** | - | **84 017** | - |
| | | | | **84 018** | 1 |





## 6. Beleggings in filiale (vervolg)

**Beleggings met meer as 50% stemreg**
'n Belang van 76,9% is in Grain Field Chickens (Edms) Bpk gedurende 2011 teen 'n koopsom van R769 bekom. Addisioneel tot die koopsom is 'n rentevrye aandeelhouerslening van R137,9 miljoen (2013: R50 miljoen) toegestaan asook 'n bedryfslening van R131,4 miljoen (2013: R211,4 miljoen).

Die Maatskappy het gedurende die jaar die 100% belang in NTK Landbou (Edms) Bpk verkry deur VKB Landbou (Edms) Bpk aandele uit te reik aan die lede van NTK Landbou (Edms) Bpk. Addisioneel tot die belegging in NTK Landbou (Edms) Bpk is 'n bedryfslening van R93,3 miljoen (2013: R82,3 miljoen) toegestaan in terme van die bepalings van die reelingskema.

Rente word teen prima minus 1% op die bedryfslenings gehef. Die lenings het geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie.

## 7. Belegging in gesamentlik beheerde ondernemings

| **Naam van maatskappy** | Genoteer/ ongenoteer | **% aandeel-houding 2014** | % aandeel-houding 2013 | **Drabedrag 2014** | Drabedrag 2013 |
|---|---|---|---|---|---|
| NTK Limpopo Agric Bpk | Ongenoteer | - | 50,00% | - | 84 017 |
| Nu-Pro Voere (Edms) Bpk | Ongenoteer | **50,00%** | 50,00% | **14 608** | 13 343 |
| Nu-Pro Commodities (Edms) Bpk | Ongenoteer | **50,00%** | 50,00% | **3 326** | 3 721 |
| | | | | **17 934** | 101 081 |

Die 50%-aandeelhouding in NTK Limpopo Agric Bpk is met 'n 100%-aandeelhouding in NTK Landbou (Edms) Bpk deur middel van 'n reëlingskema vervang. Verwys na nota 6.

**Opsommende inligting van gesamentlike onderneming**

| | | |
|---|---|---|
| **NTK Limpopo Agric Bpk Groep *** | | |
| Bates | - | 493 941 |
| Verpligtinge | - | 321 304 |
| Inkomste | - | 2 008 456 |
| Wins voor aansporingskorting | - | 59 891 |
| Aansporingskorting | - | 21 000 |
| Wins/(verlies) voor belasting | - | 38 891 |
| Wins/(verlies) na belasting | - | 26 908 |
| * Belang is oorgedra aan NTK Landbou (Edms) Bpk in ruil vir addisionele aandele in NTK Landbou (Edms) Bpk | | |
| **Nu-Pro Commodities (Edms) Bpk** | | |
| Bates | **51 022** | 34 150 |
| Verpligtinge | **44 371** | 26 707 |
| Inkomste | **495 512** | 624 056 |
| Wins/(verlies) voor belasting | **(638)** | 2 786 |
| Wins/(verlies) na belasting | **(464)** | 2 003 |
| **Nu-Pro Voere (Edms) Bpk** | | |
| Bates | **86 329** | 56 751 |
| Verpligtinge | **56 919** | 29 873 |
| Inkomste | **171 239** | 157 308 |
| Wins/(verlies) voor belasting | **4 518** | 6 699 |
| Wins/(verlies) na belasting | **3 253** | 4 804 |

## 8. Belegging in geassosieerdes

| Naam van maatskappy | Genoteer/ ongenoteer | **% aandeel-houding 2014** | % aandeel-houding 2013 | **Drabedrag 2014** | Drabedrag 2013 |
|---|---|---|---|---|---|
| AE Solutions (Edms) Bpk | Ongenoteer | **26,00%** | 26,00% | **5 562** | 6 000 |
| Free State Oil (Edms) Bpk | Ongenoteer | **40,00%** | 40,00% | **2 810** | - |
| | | | | **8 372** | 6 000 |

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| **Belegging in geassosieerde onderneming** | **2014 R'000** | 2013 R'000 | **2014 R'000** | 2013 R'000 |
| Begin van die jaar | **6,000** | - | **6 000** | - |
| Verkryging | **-** | 10 400 | **-** | 10 400 |
| Aandeel van wins/(verlies) na belasting | **3 372** | (4 400) | **3 372** | (4 400) |
| Verkoop/aflos | **(1 000)** | - | **(1 000)** | - |
| **Einde van die jaar** | **8 372** | 6 000 | **8 372** | 6 000 |

Die totale aandeelhouding in Free State Oil (Edms) Bpk is 40% (2013: 40%).

Die Maatskappy se aandeel in die kumulatiewe opgelope verlies na belasting het 'n waardedaling van R4,9 miljoen tot gevolg gehad in die vorige jaar waarvan R3,3 miljoen in die huidige jaar teruggeskryf is as gevolg van winste in 2014 behaal.

Die Maatskappy het gedurende die vorige jaar 260 gewone aandele (26%-belang) in AE Solutions (Edms) Bpk (voorheen AgrienviroLab World (Edms) Bpk) bekom vir R260.

Addisioneel tot die gewone aandele het die Maatskappy voorkeuraandele ter waarde van R6 miljoen opgeneem waarvan R1 miljoen in die huidige jaar afgelos is. Voorkeurdividende is jaarliks betaalbaar uit winste en word gehef teen 15% per jaar. Voorkeurdividende van R1 053 929 (2013: geen) is in die huidige jaar verklaar.



## 9. Ander finansiële bates

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2014** | 2013 | **2014** | 2013 |
| | **R'000** | R'000 | **R'000** | R'000 |
| **Langtermynlenings – gesekureer** | | | | |
| *AE Solutions (Edms) Bpk (voorheen AgrienviroLab World (Edms) Bpk)*<br>Die aandeelhouers- en bedryfslenings aan AE Solutions (Edms) Bpk is gedurende die jaar afgelos. | **-** | 2 967 | **-** | 2 967 |
| *Werknemers – motorskema*<br>Motorlenings is gesekureer ingevolge individuele afbetalingsooreenkomste met werknemers. | **7 450** | 6 249 | **6 110** | 6 249 |
| *Crown Bag (Edms) Bpk*<br>Die lening aan Crown Bag (Edms) Bpk is gesekureer deur 'n sessie van NTK Landbou (Edms) Bpk. Rente word gehef teen die prima rentekoers en daar is geen vaste afbetalingsvoorwaardes nie. | **-** | 15 523 | **20 611** | 15 523 |
| **Langtermynlenings – ongesekureer** | | | | |
| *VKB Graan (Edms) Bpk*<br>Die lening aan VKB Graan (Edms) Bpk is ongesekureer en rente word gehef teen die prima rentekoers en daar is geen vaste afbetalingsvoorwaardes nie. | **-** | - | **916** | - |
| *Werknemers – studielenings*<br>Die studielenings het geen vaste rentekoers of terugbetalingsvoorwaardes nie en word deur jare diens gedelg. | **828** | 325 | **820** | 325 |
| *NTK Landbou (Edms) Bpk – Aandelekapitaallenings*<br>Die lenings aan NTK Landbou (Edms) Bpk is ongesekureer en daar is geen vaste afbetalingsvoorwaardes nie. | **-** | - | **119 149** | - |
| *Grain Field Chickens (Edms) Bpk*<br>Die lening aan Grain Field Chickens (Edms) Bpk bestaan uit 'n aandeelhouerslening sowel as 'n bedryfslening en is ongesekureer. Geen rente word gehef op die R137,9 miljoen (2013: R50 miljoen) aandeelhouerslening nie. Rente word gehef teen prima minus 1% op die bedryfslening. Daar is geen vaste afbetalingsvoorwaardes nie. Die Maatskappy het 'n waarborg uitgereik vir die lenings en 'n ooreenkoms van volgehoue ondersteuning met Grain Field Chickens aangegaan. Addisioneel tot die waarborg, is R50 miljoen van die lening ondergeskik gestel. Die direkteure is van mening dat die verlies tydelik van aard is en dat daar geen aanduiding van waardedaling van die lenings bestaan nie. | **-** | - | **269 347** | 261 358 |
| *Free State Oil (Edms) Bpk*<br>Die aandeelhouerslening aan Free State Oil (Edms) Bpk beloop R20,4 miljoen (2013: R18,7 miljoen) en die rentekoers is gelyk aan die prima rentekoers. Die bedryfslening beloop R0,04 miljoen krediet (2013: R11,5 miljoen) en rente word gehef teen prima plus 5,5%. Die lenings is ongesekureer en daar is geen vaste afbetalingsvoorwaardes nie behalwe vir die rente op die lenings wat terugbetaalbaar is binne drie maande na afloop van die finansiële jaareinde, vir die betrokke finansiële jaar. | **20 357** | 29 662 | **20 357** | 29 662 |





## 9. Ander finansiële bates (vervolg)

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2014 R'000** | 2013 R'000 | **2014 R'000** | 2013 R'000 |
| *GFC Benificiaries Holdings (Edms) Bpk* | **11** | 8 | **11** | 8 |
| *GFC Werknemerstrust* | **14** | 12 | **14** | 12 |
| *VKB Werknemerstrust* | **15** | 12 | **15** | 12 |
| Die bogenoemde lenings is ongesekureer en het geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie. Rente is betaalbaar teen die prima rentekoers. | | | | |
| | **28 675** | 54 758 | **437 350** | 316 116 |
| **Beskikbaar-vir-verkoop** | | | | |
| *NTK Limpopo Agric Bpk – voorkeuraandele* Kosprys: R6 000. 6 000 aandele. Direkteurswaardasie: R6 000. Afgelos | **-** | 6 | **-** | 6 |
| *Ongenoteerde aandele – houers koöperatief* | **1 063** | - | **-** | - |
| *NTK Landbou (Edms) Bpk* Kosprys: R4 000. 4 000 aandele. Belang is vergroot na 100%. | **-** | 4 | **4 228** | 4 |
| *Graan Silo Industrie (Edms) Bpk* Kosprys: R12 518. 12 437 aandele. Belang: 5,66%. Direkteurswaardasie: R19 183. | **13** | 13 | **13** | 13 |
| *Billikewaarde aanpassing op ongenoteerde beleggings* | **27** | 7 | **27** | 7 |
| In terme van die statuut is die Maatskappy gemagtig om belange in maatskappye en koöperasies te hou, om lenings toe te staan aan maatskappye en koöperasies waarin die Maatskappy 'n belang het en om waarborge namens sulke maatskappye en koöperasies te gee tot 'n bedrag wat die Raad mag bepaal en wat verband hou met die Maatskappy se doelstellings. Beleggings in maatskappye se aandele word volgens *IAS 39* na die billike waarde daarvan waardeer. | **1 103** | 30 | **4 268** | 30 |
| Beskikbaar-vir-verkoop (waardedalings) | **(633)** | - | **-** | - |
| | **470** | 30 | **4 268** | 30 |
| **Korttermynlenings – gesekureer** | | | | |
| *Nu-Pro Voere (Edms) Bpk* Die lening aan Nu-Pro Voere (Edms) Bpk is gesekureer deur 'n eerste verband oor vaste eiendomme. Rente word teen die prima rentekoers gehef en daar is geen vaste afbetalingsvoorwaardes nie. | **2 000** | 10 000 | **2 000** | 10 000 |

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2014** | 2013 | **2014** | 2013 |
| | **R'000** | R'000 | **R'000** | R'000 |
| *Nu-Pro Voere (Edms) Bpk – toerusting*<br>Die toerustinglening aan Nu-Pro Voere (Edms) Bpk is gesekureer deur 'n eerste verband oor vaste eiendomme. Rente word teen prima plus 2% gehef en daar is geen vaste afbetalingsvoorwaardes nie. | **2 000** | - | **2 000** | - |
| *NTK Landbou (Edms) Bpk*<br>Die lening aan NTK Landbou (Edms) Bpk is gesekureer deur eerste verbande oor vaste eiendomme. Rente word gehef teen prima minus 1% en daar is geen vaste afbetalingsvoorwaardes nie. | **-** | 82 279 | **93 350** | 82 279 |
| *NTK Landbou (Edms) Bpk – rentevrye lening*<br>Die lening aan NTK Landbou (Edms) Bpk is gesekureer deur eerste verbande oor vaste eiendomme. Geen rente word gehef nie. | **-** | 4 556 | **19 676** | 4 556 |
| **Korttermynlenings – ongesekureer** | | | | |
| *Nu-Pro Commodities (Edms) Bpk*<br>Die lening aan Nu-Pro Commodities (Edms) Bpk is ongesekureer en rente word teen die prima rentekoers gehef en daar is geen vaste afbetalingsvoorwaardes nie. | **8 759** | 1 859 | **8 759** | 1 859 |
| | **12 759** | 98 694 | **125 785** | 98 694 |
| **Totale ander finansiële bates** | **41 904** | 153 482 | **567 403** | 414 840 |
| **Nie-bedryfsbates** | | | | |
| Langtermynlenings ontvangbaar | **28 675** | 54 757 | **437 350** | 316 116 |
| Beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates | **470** | 30 | **4 268** | 30 |
| | **29 145** | 54 787 | **441 618** | 316 146 |
| **Bedryfsbates** | | | | |
| Korttermynlenings ontvangbaar | **12 759** | 98 694 | **125 785** | 98 694 |
| | **41 904** | 153 481 | **567 403** | 414 840 |

Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies word teen billike waarde erken, wat gevolglik gelyk is aan die drabedrag daarvan. Die drawaardes van die lenings word as die billike waardes beskou.

Die lenings aan verwante partye is binne die limiete wat deur die aandeelhouers goedgekeur is in terme van Artikel 45 van die Maatskappywet, Nr. 71 van 2008.





## 10. Uitgestelde belasting

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2014** | 2013 | **2014** | 2013 |
| | **R'000** | R'000 | **R'000** | R'000 |
| **Uitgestelde belasting** | | | | |
| Versnelde kapitaalkortings vir belastingdoeleindes | **(63 088)** | (29 396) | **(12 467)** | (9 392) |
| Opgelope aanspreeklikhede vir gesondheid-sorgvoordele | **17 478** | 17 834 | **17 478** | 17 834 |
| Voorsiening teen ekwiteit | **(5)** | (1) | **(5)** | (1) |
| Belastingverlies beskikbaar vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste | **122 965** | 35 730 | **-** | - |
| Billikewaarde-aanpassing | **(1 725)** | - | **-** | - |
| Handels- en ander debiteure | **201** | (88) | **(33)** | (88) |
| Aftreefondssurplus | **(1 194)** | (2 165) | **(1 194)** | (2 165) |
| Opgelope uitgawes (verlof) | **6 685** | 3 070 | **4 232** | 3 070 |
| | **81 317** | 24 984 | **8 011** | 9 258 |
| **Rekonsiliasie van uitgestelde belastingbate (laste)** | | | | |
| Aan begin van die jaar | **24 984** | 6 722 | **9 258** | 4 711 |
| Na staat van omvattende inkomste | **-** | - | **-** | - |
| - Eiendom, aanleg en toerusting | **(33 692)** | (26 690) | **(3 074)** | (6 686) |
| - Handels- en ander debiteure | **289** | 460 | **55** | 176 |
| - Na-aftrede mediese verpligting | **(356)** | 5 303 | **(356)** | 5 303 |
| - Aftreefondssurplus | **971** | 951 | **971** | 951 |
| - Opgelope uitgawes (verlof) | **3 616** | 126 | **1 162** | 126 |
| Voorproduksie-uitgawes | **-** | 33 435 | **-** | - |
| Ander omvattende inkomste | **(5)** | 4 677 | **(5)** | 4 677 |
| - Billikewaarde-aanpassing | **(1 725)** | - | **-** | - |
| Toename (afname) in belastingverlies beskikbaar vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste | **87 322** | - | **-** | - |
| | **81 317** | 24 984 | **8 011** | 9 258 |

## 11. Handels- en ander debiteure

| | NOTA | GROEP 2014 R'000 | GROEP 2013 R'000 | MAATSKAPPY 2014 R'000 | MAATSKAPPY 2013 R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Aandeelhouers** | | | | | |
| Produksierekenings | | **1 339 340** | 982 398 | **1 231 762** | 982 398 |
| Lopende rekenings | | **214 857** | 104 724 | **202 296** | 104 724 |
| **Nie-aandeelhouers** | | | | | |
| Graankopers | | **43 918** | 34 104 | **30 683** | 34 104 |
| Ander lopende rekeninge | | **87 921** | 63 655 | **24 625** | 17 961 |
| Korttermynhandelsdebiteure | 11.1 | **1 686 036** | 1 184 881 | **1 489 366** | 1 139 187 |
| Afbetalingsverkoopooreenkomste | 11.2 | **16 838** | 11 252 | **16 838** | 11 252 |
| Termynlenings | 11.3 | **22 624** | 19 202 | **22 624** | 19 202 |
| Diverse debiteure | | **161 775** | 144 677 | **64 183** | 124 367 |
| Voorsiening vir waardedaling | 11.4 | **(51 798)** | (38 482) | **(43 739)** | (38 482) |
| | | **1 835 475** | 1 321 530 | **1 549 272** | 1 255 526 |

**11.1** Handelsdebiteure behels 30 dae maand-, seisoen-, diereproduksie- en ander rekeninge vir spesifieke produkte. Hierdie rekeninge het 'n rentevrye periode vir die eerste 30 dae na staat of 'n tydperk wat wissel na gelang van die transaksie. Sodra debiteure agterstallig raak, word rente gehef teen riglynkoerse wat in ooreenstemming met die Kredietwet bepaal is.

| | GROEP 2014 R'000 | GROEP 2013 R'000 | MAATSKAPPY 2014 R'000 | MAATSKAPPY 2013 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **11.2 Afbetalingsverkoopsooreenkomste** | | | | |
| Binne een jaar | **21 125** | 12 956 | **21 125** | 12 956 |
| Binne twee tot vyf jaar | **42 912** | 41 850 | **42 912** | 41 850 |
| Bruto bedrae ontvangbaar | **64 037** | 54 806 | **64 037** | 54 806 |
| Minus: onverdiende finansieringsinkomste | **(10 395)** | (4 853) | **(10 395)** | (4 853) |
| Huidige waarde | **53 642** | 49 953 | **53 642** | 49 953 |
| Korttermyngedeelte oorgedra na bedryfsbates | **(16 838)** | (11 252) | **(16 838)** | (11 252) |
| **Langtermyngedeelte oorgedra na nie-bedryfsbates** | **36 804** | 38 701 | **36 804** | 38 701 |
| **11.3 Termyndebiteure** | | | | |
| Binne een jaar | **26 776** | 23 204 | **26 776** | 23 204 |
| Binne twee tot vyf jaar | **49 270** | 18 816 | **49 270** | 18 816 |
| Bruto bedrae ontvangbaar | **76 046** | 42 020 | **76 046** | 42 020 |
| Minus: onverdiende finansieringskoste | **(16 317)** | (12 375) | **(16 317)** | (12 375) |
| Huidige waarde | **59 729** | 29 645 | **59 729** | 29 645 |
| Korttermyngedeelte oorgedra na bedryfsbates | **(22 624)** | (19 202) | **(22 624)** | (19 202) |
| **Langtermyngedeelte oorgedra na nie-bedryfsbates** | **37 105** | 10 443 | **37 105** | 10 443 |
| Nie-bedryfsbates | **73 909** | 49 144 | **73 909** | 49 144 |





## 11. Handels- en ander debiteure (vervolg)

**11.2** Afbetalingsverkoopsooreenkomste verteenwoordig items verkoop oor wisselende termyne tot 48 maande. Die onderliggende bate dien as sekuriteit vir die ooreenkoms. Rentekoerse is markverwant en is beide wisselend en vas na gelang van die spesifieke ooreenkomste.

**11.3** Termyndebiteure verteenwoordig termynlenings oor wisselende termyne tot 60 maande. Sekuriteite moet in plek wees voordat die lenings toegestaan word. Rentekoerse is markverwant en word afgelei vanaf die bank prima uitleenkoers.

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2014 R'000** | 2013 R'000 | **2014 R'000** | 2013 R'000 |
| **11.4 Rekonsiliasie van waardedalingsvoorsiening vir handels- en ander debiteure** | | | | |
| Openingsaldo | **38 482** | 31 139 | **38 482** | 31 139 |
| Min: (Afskrywing)/verhaling teen voorsienings | **1 549** | (492) | **(1 275)** | (492) |
| Plus: Twyfelagtige rente | **852** | 627 | **569** | 627 |
| Verhoging/(verlaging) in voorsiening | **10 915** | 7 208 | **5 963** | 7 208 |
| | **51 798** | 38 482 | **43 739** | 38 482 |

Die verhoging en verlaging in voorsiening van slegte skulde is ingesluit by bedryfskoste in die staat van omvattende inkomste. Bedrae afgeskryf teen die voorsieningsrekening vind plaas wanneer daar geen verwagting bestaan dat addisionele kontant gevorder sal word nie.

## 12. Aftreefondssurplus

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2014 R'000** | 2013 R'000 | **2014 R'000** | 2013 R'000 |
| Langtermynaanwending | **-** | 4 133 | **-** | 4 133 |
| Korttermynaanwending | **4 265** | 3 600 | **4 265** | 3 600 |
| | **4 265** | 7 733 | **4 265** | 7 733 |
| Saldo aan die begin van die jaar | **7 733** | 11 127 | **7 733** | 11 127 |
| Groei/(daling) in surplus vir die jaar | **816** | 1 597 | **816** | 1 597 |
| Aangewend gedurende die jaar (bydraevakansie) | **(4 284)** | (4 991) | **(4 284)** | (4 991) |
| | **4 265** | 7 733 | **4 265** | 7 733 |

Die aftreefondssurplus is na afloop van die surplusverdelingsproses vasgestel en die werkgewergedeelte is bepaal. Hierdie gedeelte word deur die Maatskappy se Bestuur beheer. Hierdie fondse mag egter slegs aangewend word, soos bepaal in Artikel 15E van die Pensioenfondswet, wat insluit:

- aanwending deur middel van 'n bydraevakansie; en
- uitbetaling by ontbinding van die fonds.

Die werkgewersurplus is tans reeds gekwantifiseer en geïdentifiseer en is dus nie onderhewig aan verdere aktuariële aannames nie. Die surplus is tans deur die aftreefonds in 'n bestuurde portefeulje van Allan Gray belê.

Vrystaat Koöperasie Bpk Pensioenfonds en Vrystaat Koöperasie Bpk Aftreefonds het gedurende die jaar geamalgameer. Die bydraevakansie was opgeskort gedurende die amalgamasieproses en het weer voortgegaan nadat die nuwe fonds, VKB Landbou Bpk Pensioenfonds, in werking getree het. Die surplus word slegs aangewend wanneer 'n bydraevakansie geneem word.

Die verwagte pensioenfondsbydraes deur die Maatskappy vir die volgende jaar is R9,7 miljoen waarvan R4,3 miljoen uit die aftreefondssurplus deur middel van 'n bydraevakansie realiseer.

## 13. Voorraad

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2014** | 2013 | **2014** | 2013 |
| | **R'000** | R'000 | **R'000** | R'000 |
| Graanvoorraad | **110 156** | 85 278 | **75 916** | 85 278 |
| Handel | **276 859** | 93 888 | **107 586** | 93 888 |
| Meganisasie | **101 687** | 50 339 | **94 841** | 50 339 |
| Insethandel | **52 598** | 33 114 | **51 432** | 33 114 |
| Logistiek | **76** | 308 | **76** | 308 |
| Veevoerfabriek | **13 780** | 16 447 | **13 780** | 16 447 |
| Meule | **9 021** | 1 534 | **393** | 1 534 |
| Saadverwerking | **16 521** | 15 875 | **16 521** | 15 875 |
| Plaasdienste | **276** | - | **276** | - |
| Brandstof, steenkool en berokingsmiddels | **1 105** | 1 596 | **1 105** | 1 596 |
| Skryfbehoeftes | **870** | 745 | **870** | 744 |
| Silo-onderdele | **1 400** | 1 372 | **1 400** | 1 372 |
| Verbruiksvoorraad | **11 642** | - | **-** | - |
| Rekenaartoerusting | **4** | 83 | **4** | 83 |
| | **595 995** | 300 579 | **364 200** | 300 578 |
| Grainfield Chickens | **13 941** | 28 297 | **-** | - |
| | **609 936** | 328 876 | **364 200** | 300 578 |

Tweedehandse heelgoedere met 'n drawaarde van R2,79 miljoen (2013: R2,48 miljoen) word by meganisasie asook kunsmis en saad van R2,8 miljoen (2013: R1,1 miljoen) by insethandel en R13,9 miljoen (2013: R28,3 miljoen) by Grain Field Chickens (Edms) Bpk getoon teen netto realiseerbare waarde en die balans teen kosprys.

Voorraad is waardeer op die basis, soos uiteengesit in aantekening 1.10.





## 14. Kontant en kontantekwivalente

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2014** | 2013 | **2014** | 2013 |
| | **R'000** | R'000 | **R'000** | R'000 |
| Kontant en kontantekwivalente bestaan uit: | | | | |
| Kontant voorhande | **366** | 64 | **94** | 64 |
| Banksaldo's | **47 925** | 5 907 | **-** | - |
| Korttermyndeposito's | **3 823** | 120 | **-** | 120 |
| Safex-aanvangsmarges | **36 128** | 17 912 | **36 128** | 17 912 |
| Bankoortrekking | **(995 114)** | (651 369) | **(966 428)** | (651 369) |
| | **(906 872)** | (627 366) | **(930 206)** | (633 273) |
| Bedryfsbates | **88 242** | 24 003 | **36 222** | 18 096 |
| Bedryfslaste | **(995 114)** | (651 369) | **(966 428)** | (651 369) |
| | **(906 872)** | (627 366) | **(930 206)** | (633 273) |
| Die totale fasiliteit op 31 Maart 2014 was R1 060 miljoen (2013: R690 miljoen) [NTK: R50 miljoen (2013: R20 miljoen)] en is verseker deur 'n sessie van onbetaalde skulde met 'n boekwaarde van: | **1 786 377** | 1 180 304 | **1 579 134** | 1 180 304 |

Die fasiliteitooreenkoms bepaal dat geen bates as sekuriteit beswaar mag word alvorens die bank nie daarvan in kennis gestel is nie.

Omdat die landbousektor seisoenaal is, wissel die oortrokke fasiliteit deur die jaar. Die lening dra rente teen 'n koers wat afgelei word van die prima uitleenkoers van die betrokke bank.

Kontantdeposito's bestaan uit deposito's by finansiële instellings en dra rente teen markverwante kontantdepositokoerse. Safex-aanvangsmarges bestaan uit deposito's gemaak as sekuriteit vir verskansingsposisies wat gehou word vir voorseisoenskontrakte en eie voorraad en dra rente teen markverwante koerse.

## 15. Aandelekapitaal

| | GROEP | | MAATSKAPPY | |
|---|---|---|---|---|
| | **2014** | 2013 | **2014** | 2013 |
| | **R'000** | R'000 | **R'000** | R'000 |
| **Gemagtig** | | | | |
